




BACCALAUREUS- GRADE 2013



**DEKAAN
PROF JJ HENNING**





FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Universiteit van die Vrystaat is digby die Hoogste Hof van Appèl geleë en is een van die oudste regs fakulteite in Suid-Afrika.

Die Fakulteit strewende daarna om deur voortreflike onderrig bekwame persone, wat oor internasionaal erkende grade van besondere aansien beskik, aan die professies te lewer.

Regsopvoeding maak die deur oop vir 'n wye verskeidenheid professies, onder andere die prokureursprofessie, die advokatuur, regsadviseurs, arbeidskonsultante, staatsaanklaers, landdroste en die versekering- en bankbedryf.

Die Fakulteit doen navorsing wat internasionale aansien geniet en is ook ten nouste betrokke by die samelewing, waarby die UV Regskliniek en verskeie sentrums in die Fakulteit direk diens lewer.

Die Fakulteit geniet noue bande met buitelandse regskole en regs fakulteite, veral in Brittanje, Europa en die VSA.

Die Fakulteit spog ook met die Kopsie-Regsalumni, 'n vereniging bestaande uit lojale oud-studente en die *Collegium Iurisprudentium*, 'n adviespaneel vir die Fakulteit.



VISIE

Die Fakulteit streef daarna om binne die breër verband van die UV se visie as 'n uitnemende, billike en innoverende universiteit:

- ❑ voortdurend nasionaal en internasionaal erkenning vir die gehalte van sy aktiwiteite en die prestasies van sy studente en sy personeellede te handhaaf en uit te bou;
- ❑ deurlopend 'n nasionale en streeksperspektief in sy werksaamhede te handhaaf; en
- ❑ binne eie konteks tot die heropbou en ontwikkeling van die hele gemeenskap by te dra.

MISSIE

Met die visie, missie en waardes van die UV as vertrekpunt, is die **missie** van die Fakulteit om geregtigheidsbewuste regswetenskap te beoefen, te bevorder en te onderrig.

Etiese Kode vir Studente

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en ek onderneem om sy reg te handhaaf en sy regstelsel te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om al die reëls en regulasies van die Universiteit van die Vrystaat en die Fakulteit Regsgeleerdheid getrou na te kom.

Ek verbind my tot die handhawing van hoë morele en etiese standaarde.

Ek sal daarna streef dat my handelinge altyd in die openbare belang en ter bevordering van die goeie naam van die Universiteit en die Fakulteit sal wees.

Ek sal die waardigheid sowel as die professionele tradisie en kultuur van die regsprofessie in stand hou.

My optrede sal sodanig wees dat ek altyd as 'n geskikte en gepaste persoon beskou sal word om as 'n toekomstige regspraktisyn toegelaat te kan word.

As toekomstige juris sal ek ten alle tye onkreukbare eerlikheid aan die dag lê.

Ek sal 'n hoë standaard van integriteit handhaaf.

Ek sal objektief, onpartydig en billik optree.

Ek sal my werkvermoë tot sy volle potensiaal benut.

Ek onderwerp my aan die gedragskode van die Universiteit en die Fakulteit en aan enige dissiplinêre maatreël indien ek te eniger tyd sou versuim om my ondernemings na te kom.

Nie-nakoming van die erekode kan stuiting in alle regstudies aan die Universiteit van die Vrystaat tot gevolg hê. Dit kan ook inhou dat 'n gedragssertifikaat benodig vir toelating tot die regsprofessies geweier word.

Etiese Kode vir Dosente

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en ek onderneem om sy reg te handhaaf en sy regstelsel te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om al die reëls en regulasies van die Universiteit van die Vrystaat en die Fakulteit Regsgeleerdheid getrou na te kom.

Ek verbind my tot die handhawing van hoë morele en etiese standaarde.

Ek sal daarna streef dat my handelinge altyd in die openbare belang en ter bevordering van die goeie naam van die Universiteit en die Fakulteit sal wees.

Ek sal die waardigheid sowel as die professionele tradisie en kultuur van die regsprofessie in stand hou.

My optrede sal sodanig wees dat ek altyd as 'n geskikte en gepaste persoon beskou sal word om as 'n regspraktisyn toegelaat te word.

As juris sal ek ten alle tye onkreukbare eerlikheid aan die dag lê.

Ek sal objektief, onpartydig en billik optree.

Ek sal 'n hoë standaard van integriteit handhaaf.

Ek sal my werkvermoë tot sy volle potensiaal benut.

Ek onderwerp my aan die gedragskode van die Universiteit en die Fakulteit en aan enige dissiplinêre maatreël indien ek te eniger tyd sou versuim om my ondernemings na te kom.

Alle korrespondensie aangaande akademiese aangeleenthede moet gerig word aan:

**Die Registrateur
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300**

**Telefoon: 051 401 9111
Faks: 051 401 2117**

Navrae met betrekking tot E-Leer:

Telefoon: 051 401 2433 / 401 3532

Navrae met betrekking tot die UV Regskliniek:

**Telefoon: 051 448 5940
Faks: 051 448-5974**

Navrae met betrekking tot regstudies kan gerig word aan:

**Die Fakulteitsekretaris
Fakulteit Regsgeleerdheid
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300**

**Telefoon: 051 401 2451 / 401 9777 / 401 2735
Faks: 051 444 5013
e-pos: law@ufs.ac.za**

ADRES	6
INHOUD	7
PERSONEEL	8
GRADE	18
FAKULTEITSREËLS EN -INLIGTING	19
<i>BACCALAUREUS LEGUM</i> -GRAAD	19
FAKULTEITSREËLS EN -INLIGTING	50
<i>BACCALAUREUS IURIS</i> -GRADE	50
SILLABUSSE	69
BYLAE	150

Dekaan:

Prof JJ Henning**

[B Iur, LLB, LLD (UOVS), MASSAf, HFSALS, Hon. Coif; Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

PERMANENTE AKADEMIESE PERSONEEL

(Departementele voorsitters word met 'n asterisk aangedui*)

Handelsreg

Ereprofessor:

Prof BAK Rider [LLB (Honours) (Londen), PhD (Regte) (Londen), PhD (Regte) (Cantab), LLD (*Honoris Causa*) (Dickinson), LLD (*Honoris Causa*) (UV), Master of the Bench of the Inner Temple, Londen]

Buitengewone hoogleraars:

Sy Edele Appèlregter LTC Harms [BA (Regte) (*cum laude*), LLB (*cum laude*) (UP), Visepresident van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Sy Edele Regter FR Malan [BA (Regte) (*cum laude*), LLB (*cum laude*), LLD (Pret), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Haar Edele Regter BC Mocumie [B Iur (Universiteit van Zoeloeland), LLB (Noordwes Universiteit), LLM (UNISA), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Prof MB Ndulo [LLB (Zambia), LLM (Harvard), D Phil (Oxford), Advocate of the High Court of Zambia]

Prof T van Wyk [B Com, LLB (Stell), LLM (SA), H Dip Tax (Witwatersrand), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Permanente doserende personeel:

Mnr PS Brits [B Com (*cum laude*) (UOVS), B Com (Hons), LLB (*cum laude*) (Pret), LLM (Cantab), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mnr FQ Cilliers [LLB (*cum laude*), LLM (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me M Conradie [LLB, MA (Latyn) (*cum laude*) (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me G du Toit [B Iur, LLB, LLM (*cum laude*), Gevorderde Diploma in Rampbestuur (UV), Prokureur, Notaris en Transportbesorger van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me L Fourie [LLB (*cum laude*), LLM (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mev LM Jacobs [LLB (*summa cum laude*), LLM (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me A Koorsen [B Com, LLB (*cum laude*), Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanningsreg (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me MGB Mokone [LLB, LLM (*cum laude*) (UV)]

Adv HJ Moolman [B Com, B Iur, LLB, LLM (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me BM Rametse [B Proc, LLB (UNIN), LLM, Sertifikaat in Alternatiewe Geskilbeslegting (*cum laude*) (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Adv DM Smit [B Iur, LLB (UOVS), Diploma in Arbeidsreg (*cum laude*), Diploma in Openbare Betrekkinge (INTEC), LLM (Arbeidsreg) (*cum laude*) (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid Afrika]

Prof E Snyman-van Deventer [B Iur, LLB, LLM, LLM, LLD (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Privaatreg

Ereprofessor:

Sy Edele Appèlregter JJF Hefer (SC) [BA, LLB (UOVS), LLM (*cum laude*) (UNISA), LLD (*Honoris Causa*) (UV), voormalige Waarnemende Hoofregter van die Republiek van Suid-Afrika]

Buitengewone hoogleraars:

Sy Edele Appèlregter FDJ Brand (SC) [BA, LLB, LLM (*cum laude*) (US), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Adv JY Claasen (SC) [B Com, LLB (UOVS), Dr Jur, LLD (Leiden)]

Sy Edele Regter A Kruger (SC) [BA, LLB (US), Drs Jur (*cum laude*), Dr Jur (Leiden), Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Haar Edele Appèlregter CH Lewis [BA, LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*) (Wits), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Prof W van der Westhuizen [B Iur, LLB (PU vir CHO), CTL (UNISA), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof CW van Wyk [BA (Stell), LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*), LLD (UNISA), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Sy Edele Regter DH van Zyl (SC) [BA, LLB, MA (Pret), Dr Jur (Leiden), PhD, LLD (UK), D Litt. (UOVS), Voormalige Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Wes-Kaap)]

Senior professor:

Prof J Neethling [BA, LLB (UOVS), LLM (McGill), LLD (UNISA)]

Permanente doserende personeel:

Dr NJB Claassen* [B Iur, LLB, LLM (*cum laude*) (UOVS), LLD (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mnr JT Faber [B Proc, LLB, LLM (*cum laude*) (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof GH Fick [B Iur, B Com, LLB (PU vir CHO), LLM, DCL (McGill), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mev JG Horn [B Proc, LLB, LLM (UOVS), MA (HOS) (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof R-M Jansen [B Soc.Sc (Hons) (Verpl.), B Iur, LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*) (UOVS), LLD (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mnr KL Mould [LLB, LLM, BA (Hons) (UV), Prokureur en Transportbesorger van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mev C Müller-Van der Westhuizen [LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*) (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Dr BS Smith [B Com (*cum laude*) (UOVS), LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*), LLD (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Straf- en Geneeskundige Reg

Buitengewone hoogleraars:

Haar Edele Appèlregter BJ van Heerden [BA (*magna cum laude*), LLB (*magna cum laude*) (US), BA Honn., MA (Oxford), Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Dr P van den Heever [B Iur, LLB (UV), LLM (UK), LLD (UP), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika, Lid van die Kaapse Balie, Geakkrediteerde Siviele en Kommersiele Mediator (CD en ACDS)]

Prof T Verschoor [B Iur, LLB, LLD (Pret), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Permanente doserende personeel:

Dr R Botha [B Iur, LLB, LLM, LLD (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Dr HB Kruger [BA (Regte), LLB, LLM (UOVS), LLD (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof H Oosthuizen* [B Iur, LLB, LLD, LLD (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prosesreg en Bewysleer

Buitengewone hoogleraar:

Sy Edele Regter SPB Hancke (SC) [B Com, LLB (UOVS), HFSALS, Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Permanente doserende personeel:

Adv IJ Bezuidenhout [B Iur (UOVS), LLB, LLM (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Adv JM Reyneke [B Com (Regte), LLB (PU vir CHO), LLM (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof CF Swanepoel* [BA, LLB (US), LLM, LLD (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Adv J Visser [B Sc, B Med Sc (Hons) (UV), M Sc Med Crim (UP), LLB (*cum laude*) (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Staatsreg en Regsfilosofie

Buitengewone hoogleraars:

Prof IT Benson [BA (Hons) (Queens University) (Engelse letterkunde), BA (Regte), MA (Cantab), LLB (Windsor)]

Prof YG Mokgoro [B Iur, LLB, LLM (Bophuthatswana), LLM (Pennsylvania)]

Permanente doserende personeel:

Prof SA de Freitas [B Proc, LLB, LLM (UOVS)]

Dr I Kevvy* [B Iur, LLB, LLD (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof JL Pretorius [B Com, LLB, BA (Hons), LLD (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Dekaanskantoor

Mev L van Niekerk [LLB, Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanningsreg, LLM (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Sentrum vir Arbeidsreg

Prof JV du Plessis (Hoof)

Permanente steundienspersoneel:

Me J Jonson – Assistentbeampte

Mev Y Pieters – Assistentbeampte

Me V Plaatjies – Assistentbeampte

Sentrum vir Boedelbeplanningsreg

Adv WM Oosthuizen (Hoof)

Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg

Permanente doserende personeel:

Adv SA Hyland CFP® [LLB, LLM (*cum laude*), Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning (UV), Nasionale Sertifikaat in Belegging-spesialisasie (AFM), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Adv WM Oosthuizen* CFP® [B Proc, LLB (UOVS), LLM (PU vir CHO), Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mev H Steyn CFP® [B Com, LLB (UV), Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning, Gevorderde Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning, Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mev R van Zyl CFP® [LLB, Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning, (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Permanente steundienspersoneel:

Mev JE Badenhorst – Assistentbeampte

Mev S Crous – Beampte

Mev JW de Jonge – Bode

Mev S de Kock – Beampte

Mev HJ Labuschagne – Assistentbeampte

Me J Leeuw – Assistentbeampte

Mev MJ Molette – Assistentbeampte

Sentrum vir Ondernemingsreg

Prof JJ Henning (Hoof)**

Prof E Snyman-van Deventer

Eenheid vir Geneeskundige Reg en Bio-etiek

Prof H Oosthuizen (Hoof)

Eenheid vir Kinderregte

Adv JM Reyneke (Hoof)

Navorsingseenheid vir Ernstige Ekonomiese Misdaad

Buitengewone hoogleraar:

Adv J Lubbe (SC) [B Iur (UOVS), LLB (UNISA), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof JJ Henning (Hoof)**

UV Regskliniek

Adv IJ Bezuidenhout (Hoof)

Permanente doserende personeel:

Adv IJ Bezuidenhout [B Iur (UOVS), LLB, LLM (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

PERMANENTE STEUNDIENSPERSONEEL

Mev SJ Burger – Senior Administratiewe Beampte

Mev H Erasmus – Fakulteitsekretaris

Mnr JHP Erasmus – E-Leer

Mev A Kotzé – Fakulteitsbestuurder

Mev A Lombard – Kantoorbestuurder: Dekaan

Mev C Nel – E-Leer

Mev A Pieters – Senior Assistentbeampte

Mev SAM Viljoen – Senior Administratiewe Assistent

Collegium Iurisprudentium

Inleiding

Die doel van die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van die Vrystaat is om voortdurend die gehalte van sy aktiwiteite te verbeter. Daarom streef dié fakulteit daarna om oorsvloedige geleenthede vir sy personeel en studente te verseker om sodoende op hoogte te bly van regsrae wat spruit uit die statutêre milieu en sosio-ekonomiese orde in Suid-Afrika wat deur voortdurende verandering gekenmerk word. Dit word bewerkstellig deur te put uit die kundigheid en ervaring van die buitengewone en ereprofessore wat almal diep spore in verskeie sferes van die regspraktik getrap het, hetsy as akademici, praktisyns of regters.

Doel

Die ***Collegium Iurisprudentium*** is die eksterne adviespaneel van die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van die Vrystaat. Die doel daarvan is om advies te gee oor die ontwikkeling van programme, modules of dissiplines. Dit sluit in nuwe programme, modules of dissiplines asook die hersiening van bestaande programme, modules en dissiplines. Verder wil die adviespaneel verseker dat relevante bande gebou word met die gemeenskappe wat die kursuspotefeulje van die Universiteit besiel. Die ***Collegium Iurisprudentium*** kan ook geleenthede vir plasings in die bedryf, personeelkonsultasie en die ontwikkeling van toegepaste navorsing skep.

Samestelling

- ❑ Al die buitengewone en ereprofessore van die Fakulteit Regsgeleerdheid, asook die Dekaan: Regsgeleerdheid is *ex officio*-lede van die *Collegium Iurisprudentium*.
- ❑ Voorsitter: 'n Buitengewone of ereprofessor van die Fakulteit aangestel deur die Dekaan: Regsgeleerdheid na beraadslaging met die lede van die *Collegium Iurisprudentium*.
- ❑ Sekretaris: Die Fakulteitsbestuurder van die Fakulteit Regsgeleerdheid.

Opdrag

Om advies aan die Fakulteit te gee oor:

- ☐ alle aspekte rakende die gehalte van sy aktiwiteite;
- ☐ die kursusse en eenhede wat deur die Fakulteit onderrig word, insluitend die ontwikkeling van nuwe kursusse of eenhede;
- ☐ onderrig en leer, insluitend onderrig en leer deur van aanlyn-, afstandsonderrig of buigbare leweringsmetodes gebruik te maak;
- ☐ die vaardighede, kennis en houdings wat verlang word deur die werkgewers van gegraduateerdes wat die Fakulteit se kursusse of eenhede voltooi het;
- ☐ navorsing, insluitend geleenthede om navorsingsbefondsing te verkry;
- ☐ die ontwikkeling van die dissiplines wat in die Fakulteit aangebied word;
- ☐ professionele bande met en plasings in die bedryf;
- ☐ konsultasiegeleenthede; en
- ☐ enige ander sake wat die Dekaan: Regsgeleerdheid as toepaslik beskou.

President

Sy Edele Appèlregter JJF Hefer (SC) [BA, LLB (UOVS), LLM (*cum laude*) (UNISA), LLD (*Honoris Causa*) (UV), voormalige Waarnemende Hoofregter van die Republiek van Suid-Afrika]

Lede

Handelsreg

Ereprofessor:

Prof BAK Rider [LLB (Honours) (Londen), PhD (Regte) (Londen), PhD (Regte) (Cantab), LLD (*Honoris Causa*) (Dickinson), LLD (*Honoris Causa*) (UV), Master of the Bench of the Inner Temple, Londen]

Buitengewone hoogleraars:

Sy Edele Appèlregter LTC Harms [BA (Regte) (*cum laude*), LLB (*cum laude*) (UP), Visepresident van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Sy Edele Regter FR Malan [BA (Regte) (*cum laude*), LLB (*cum laude*), LLD (Pret), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Haar Edele Regter BC Mocumie [B Jur (Universiteit van Zoeloeland), LLB (Noordwes Universiteit), LLM (UNISA), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Prof MB Ndulo [LLB (Zambia), LLM (Harvard), D Phil (Oxford), Advocate of the High Court of Zambia]

Prof T van Wyk [B Com, LLB (Stell), LLM (SA), H Dip Tax (Witwatersrand), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Privaatreg

Ereprofessor:

Sy Edele Appèlregter JJF Hefer (SC) [BA, LLB (UOVS), LLM (*cum laude*) (UNISA), LLD (*Honoris Causa*) (UV), voormalige Waarnemende Hoofregter van die Republiek van Suid-Afrika]

Buitengewone hoogleraars:

Sy Edele Appèlregter FDJ Brand (SC) [BA, LLB, LLM (*cum laude*) (US), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Adv JY Claasen (SC) [B Com, LLB (UOVS), Dr Jur, LLD (Leiden)]

Sy Edele Regter A Kruger (SC) [BA, LLB (US), Drs Jur (*cum laude*), Dr Jur (Leiden), Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Haar Edele Appèlregter CH Lewis [BA, LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*) (Wits), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Prof W van der Westhuizen [B Jur, LLB (PU vir CHO), CTL (UNISA), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof CW van Wyk [BA (Stell), LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*), LLD (UNISA), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Sy Edele Regter DH van Zyl (SC) [BA, LLB, MA (Pret), Dr Jur. (Leiden), PhD, LLD (UK), D Litt. (UOVS), Voormalige Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Wes-Kaap)]

Senior professor:

Prof J Neethling [BA, LLB (UOVS), LLM (McGill), LLD (UNISA)]

Straf- en Geneeskundige reg

Buitengewone hoogleraars:

Haar Edele Appèlregter BJ van Heerden [BA (*magna cum laude*), LLB (*magna cum laude*) (US), BA Honn., MA (Oxford), Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Dr P van den Heever [B Iur, LLB (UV), LLM (UK), LLD (UP), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika, Lid van die Kaapse Balie, Geakkrediteerde Siviele en Kommersiele Mediator (CD en ACDS)]

Prof T Verschoor [B Iur, LLB, LLD (Pret), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prosesreg en Bewysleer

Buitengewone hoogleraar:

Sy Edele Regter SPB Hancke (SC) [B Com, LLB (UOVS), HFSALS, Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Staatsreg en Regsfilosofie

Buitengewone hoogleraars:

Prof IT Benson [BA (Hons) (Queens University) (Engelse letterkunde), BA (Regte), MA (Cantab), LLB (Windsor)]

Prof YG Mokgoro [B Iur, LLB, LLM (Bophuthatswana), LLM (Pennsylvania)]

Navorsingseenheid vir Ernstige Ekonomiese Misdaad

Buitengewone hoogleraar:

Adv J Lubbe (SC) [B Iur (UOVS), LLB (UNISA), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Benewens grade en diplomas wat die Universiteit in die toekoms mag instel, kan die volgende *Baccalaureus*-grade in die Fakulteit Regsleerdheid verwerf word:

Graad	Minimum studietyd- perk	Afkorting	Studie- kode
<i>Baccalaureus Legum</i>	4 jaar	LLB	3302
<i>*Baccalaureus Legum</i>	5 jaar	LLB	3303
<i>Baccalaureus Iuris:</i> Finansiële Beplanningsreg	3 jaar	B Iur: Finansiële Beplanningsreg	3323
<i>Baccalaureus Iuris:</i> Beroepsrisikoreg	3 jaar	B Iur: Beroepsrisikoreg	3324

**Bogenoemde grade word ook via E-Leer aangebied.
Baccalaureus Iuris: Beroepsrisikoreg word slegs via E-Leer
aangebied.**

***N.B.: Die vyfjaar LLB kurrikulum (studiekode 3303) word nie
via E-Leer aangebied nie.**

**N.B.: Studente moet let op Algemene Reël A14 wat *inter alia*
voorsiening maak dat toelating tot die eksamen geweier sal
word indien 'n minimum semesterpunt van 40% nie behaal
is nie.**

FAKULTEITSREËLS EN -INLIGTING

BACCALAUREUS LEGUM-GRAAD

Die volgende *Baccalaureus Legum*-grade word in die fakulteit toegeken:

Graad	Minimum studietyd- perk	Afkorting	Studie- kode
<i>Baccalaureus Legum</i>	4 jaar	LLB	3302
<i>Baccalaureus Legum</i>	5 jaar	LLB	3303

Leeruitkomst

Studente moet die vermoë verwerf om as regsprofessionele praktisyns te kan optree.

Die suksesvolle kandidaat sal in staat wees om:

- ❑ 'n lewenslange student te wees deur die vermoë om van die nuutste regsontwikkelinge op hoogte te bly;
- ❑ as verantwoordelike burger in plaaslike, nasionale en wêreldwye gemeenskappe betrokke te wees;
- ❑ as regspraktisyn vir kulturele en etniese diversiteit in die gemeenskap sensitief te wees; en
- ❑ opvoedkundige en loopbaanmoontlikhede te verken en entrepreneuriese vaardighede te ontwikkel.

Die suksesvolle kandidaat sal in die besonder in staat wees om:

- ❑ regsprobleme te identifiseer en op te los deur krities en skeppend te dink;
- ❑ persoonlike en professionele aktiwiteite op verantwoordelike, etiese en effektiewe wyse te benader en te bestuur;
- ❑ effektiewe regsnavorsing deur die insameling, analisering en kritiese evaluering van inligting te doen;
- ❑ effektief skriftelik en mondeling te kommunikeer;
- ❑ effektief met ander in die samelewing saam te werk;
- ❑ tegnologie effektief en verantwoordelik tot voordeel van die gemeenskap as geheel te gebruik; en
- ❑ die reg as 'n komponent van 'n stelsel interafhanklike stelsels binne die gemeenskap te beskou waar probleemoplossing nie in isolasie kan geskied nie.

N.B.:

- Dit is die studente se verantwoordelikheid om hulself met die UV Algemene Reëls, asook die Fakulteitsreëls, verwant tot die graad/diploma programme, vertrouwd te maak.
- Die voorgraadse programme in hierdie fakulteit veronderstel voltydse studie. Geen deeltydse studie kan geakkommodeer word nie, behalwe via E-Leer!

Verpligte klasbywoning

Die Fakulteit streef 100% betrokkeheid van regstudente per module na. Benewens die nakoming van 'n etiese kode tot die effek, aanvaar regstudente by registrasie dat hulle kontraktueel tot minstens 75% betrokkeheid per module verbind is.

N.B.: Studente moet let op Algemene Reël A14 wat *inter alia* voorsiening maak dat toelating tot die eksamen geweier sal word indien 'n minimum semesterpunt van 40% nie behaal is nie.

REËL E5 *BACCALAUREUS LEGUM: LLB*

Die algemene reëls ten opsigte van eerste *baccalaureus*-grade is *mutatis mutandis* op LLB-kandidate in hierdie Fakulteit van toepassing.

E5.1.1 Toepasbaarheid

Hierdie fakulteitsreëls het betrekking op kandidate wat vanaf 2012 vir die eerste keer vir die LLB registreer.

E5.1.2 Spesiale kurrikula

Die dekaan kan spesiale kurrikula en programme vir kandidate voorskryf as hy/sy dit in akademiese belang nodig ag. Die bepalings van die fakulteitsreëls geld *mutatis mutandis*.

E5.1.3 Toelating

(a) Ten einde tot die vierjaar LLB (studiekode 3302) toegelaat te word, moet 'n kandidaat:

- (i) oor 'n geëndosseerde Senior Sertifikaat (tot 2007) beskik en 'n M-telling van minstens 34 punte hê; of
- (ii) oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat (vanaf 2008) beskik en 'n TP-telling van minstens 33 punte hê, met (1) 'n minimum prestasiepunt van 70% (prestasievlak 6) in een van die UV se amptelike onderrigtale, en (2) 'n minimum prestasiepunt van 70% (prestasievlak 6) in wiskundige geletterdheid of 'n minimum prestasiepunt van 50% (prestasievlak 4) in wiskunde.

Desnieteenstaande kan 'n kandidaat wat óf oor 'n driejaar tersiêre kwalifikasie beskik, óf wat minstens 23 jaar oud is en oor toepaslike werkservaring beskik, op aanbeveling van die dekaan tot die vierjaar kurrikulum vir die LLB (studiekode 3302), toegelaat word.

(b) Ten einde tot die vyfjaar LLB (studiekode 3303) toegelaat te word, moet 'n kandidaat:

- (i) oor 'n geëndosseerde Senior Sertifikaat (tot 2007) beskik en 'n M-telling van minstens 28 punte hê; of

- (ii) oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat (vanaf 2008) beskik en 'n TP-telling van minstens 28 punte hê, met 'n minimum prestasiepunt van 50% (prestasievlak 4) in een van die UV se amptelike onderrigtaale.

Desnieteenstaande kan 'n kandidaat wat oor 'n geëndosseerde Senior Sertifikaat (tot 2007) of 'n Nasionale Senior Sertifikaat (vanaf 2008) beskik en:

- (iii) 'n M-telling van 24 tot 27 punte of 'n TP-telling van 25 tot 27 punte het en wat minstens die eerste studiejaar van 'n verlengde program suksesvol voltooi het; of
- (iv) 'n M-telling van minder as 24 punte of 'n TP-telling van minder as 25 punte het en wat die Universiteit Voorbereidingsprogram (UVP) in geheel suksesvol voltooi het,

op aanbeveling van die dekaan tot óf die eerste óf die tweede studiejaar van die vyfjaar LLB (studiekode 3303) toegelaat word.

E5.1.4 Duur van studie

- (a) Die studie vir die graad *Baccalaureus Legum* (studiekode 3302) duur 'n minimum van vier jaar en die studie vir die graad *Baccalaureus Legum* (studiekode 3303) duur 'n minimum van vyf jaar.
- (b) Die studie vir die graad *Baccalaureus Legum* (studiekode 3302) duur normaalweg 'n maksimum van ses jaar en die studie vir die graad *Baccalaureus Legum* (studiekode 3303) duur normaalweg 'n maksimum van sewe jaar.

E5.1.5 Erkenning van Voorafleer

Aansoek om erkenning van voorafleer in die Fakulteit Regsgeleerdheid wat in terme van die UV se beleid en prosedures gedoen is, sal oorweeg word met inagneming van die akademiese integriteit en kwaliteit van die Fakulteit Regsgeleerdheid se kwalifikasies as primêre fokus.

E5.2 Volgorde van modules en samestelling van studiejare

(Kyk na Reël A8, A19 en A31)

- (a) 'n Student wat twee of meer semester-modules in enige semester gestaak of gedruip het, moet die betrokke module(s) in die eerste moontlike semester waarin dit deur die fakulteit aangebied word, herhaal. 'n **Maksimum van ses semester-modules** mag geneem word in die semester waarin die modules wat gedruip of gestaak is, herhaal word. Hierdie reël geld in alle gevalle onderworpe aan reëls A8, A19 en A31 van die Universiteit.
- (b)
 - (i) Vir toelating tot die tweede studiejaar van die vyfjaar LLB-program (studiekode 3303), moet 'n student in die eerste studiejaar minstens 32 krediete in die voorgeskrewe kernmodules, [naamlik: ILR114 (16 krediete), RGK114 (16 krediete), ILR124 (16 krediete), ROR124 (16 krediete)], asook minstens 'n verdere 64 krediete in die voorgeskrewe ontwikkelingsmodules, [naamlik: VBL108 (32 krediete), MTL108 (32 krediete), ALC108 of AFA108 (32 krediete), BRS111 (4 krediete), BRS121 (4 krediete)] verwerf het. Studente wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie, sal nie hertoegelaat word nie.
 - (ii) Vir toelating tot die derde studiejaar van die vyfjaar LLB-program (studiekode 3303) moet 'n student in die tweede studiejaar alle krediete in die voorgeskrewe en uitstaande kernmodules, asook alle krediete in die voorgeskrewe en uitstaande ontwikkelingsmodules verwerf het. Studente wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie, sal nie hertoegelaat word nie.

Reël A19 – Hertoelating en stuiting van student

- (a) Behalwe waar in fakulteitsjaarboeke anders bepaal word, word 'n student nie toegelaat om meer as twee keer vir 'n module te registreer nie, behalwe met toestemming van die dekaan in oorleg met die betrokke departementele voorsitter.

Aanbied van modules van ander universiteite

(Toeligting tot Reël A10)

1. Alle versoeke van studente om modules by ander universiteite aan te bied, moet skriftelik gemotiveer word.
2.
 - (a) Indien die betrokke departementele voorsitter nie oortuig is dat daar 'n aanvaarbare rede bestaan waarom die ekwivalente UV-module nie aangebied kan word nie, sal 'n versoek van 'n student om erkenning van ekwivalente module(s) wat hy/sy by 'n ander universiteit wil aanbied, slegs ingevolge Reël A31 deur die dekaan toegestaan word.
 - (b) Indien 'n student die ekwivalente UV-module reeds tweemaal of meer gedruip het, sal sy/haar versoek om erkenning van 'n module wat hy/sy by 'n ander universiteit wil aanbied, slegs in uitsonderlike omstandighede, met inagneming van Reël A31 toegestaan word.
 - (c) Geen modules op uittree-/finalejaarvlak van ander universiteite mag aangebied word nie.

E5.3 Graad met lof

Die LLB-graad word met lof toegeken indien 'n student:

1. Die kurrikulum vir die LLB (en enige tersaaklike voorafgaande graad) in die minimum voorgeskrewe tydskuur voltooi het.
2. 'n Gemiddelde gesamentlike slaagsyfer van minstens 75% in die volgende modules behaal het, insluitend modules waarvoor erkenning verleen is, maar uitgesonderd modules waarvoor vrystelling ingevolge reëls E7.3(b), E7.4.4 en E7.5.4 verleen is:

Module	Kode Eerste Semester	Kode Tweede Semester
Arbeidsreg	ARR214	ARR224
Belastingreg	BLR314	-
Betaalmiddele- en Immaterieelgoederereg	-	BIR324
Bewysreg	-	BWR224

Capita Selecta uit die Privaatreg	CPR414	-
Deliktereg	DEL314	-
Derdepartyvergoedingsreg	-	MMF424
Erfreg en Boedelbereddering	-	ERF224
Familiereg	-	FAM124
Handelsregtelike Ooreenkomste, Verbruikers- en Versekeringsreg	HRO314	-
Historiese Grondslae van die Suid- Afrikaanse Reg	RGK114	-
Inleiding tot die Regswetenskap	ILR114	ILR124
Internasionale Reg	-	INR424
Insolvensie- en Likwidasiereg	-	LIR424
Kontraktereg	KON214	-
Ondernemingsvormereg	ONR314	ONR324
Personereg	PSN114	-
Publiekreg	PBR314	PBR324
Publiekreg	PBR414	PBR424
Regsleer	RGL414	RGL424
Regspluralisme	-	RPL224
Regspraktyk	RPK112	RPK122
Regspraktyk	RPK214	-
Regspraktyk	RPK312	RPK322
Regspraktyk	RPK412	RPK422
Regsvaardighede	RVD134	RVD144
Romeinsregtelike Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg	-	ROR124
Sakereg	-	SAK324
Siviele Prosesreg	SVP414	-
Strafprosesreg	-	SPF224
Strafreg	SFR114	SFR124
Strafreg	SFR214	-

*Skripsie	-	RSK424
Uitlegsleer	ULL214	-
Verbintenisreg	-	VBR324
Twee semestermodules uit die volgende vierdejaar- elektiewe (studiekode 3302) en vyfdejaar- elektiewe (studiekode 3303):		
Deeltitels en Aandeleblokskemas	DEE414	-
Finansiële Beplanningsreg	FBR414	FBR424
Handelsmisdaad	-	BCR424
Internasionale Ekonomiese Reg	IER414	-
Internasionale Privaatreg	IPR414	-
Internet- en Elektroniese Reg	-	EIL424
Mededingingsreg	-	MCR424
Medicina Forensis	MDF414	MDF424
Omgewingsreg	-	OGR424
Regsvergelyking	-	RVG424
Skadevergoedingsreg	SDR414	-
Strafreg	SFR414	SFR424
Trustreg	-	TRR424
Versekeringsreg	VOF414	-

E5.4 Modules benodig om die LLB te verwerf

- (a) Die LLB-graad (studiekode 3302) word toegeken indien 'n kandidaat minstens die volgende modules geslaag het, of vir die toepaslike modules vrystelling of erkenning ontvang het:

Module	Kode en Krediet-waarde (K) Eerste Semester	Kode en Krediet-waarde (K) Tweede Semester
Arbeidsreg	ARR214 16K	ARR224 16K
Belastingreg	BLR314 16K	-
Betaalmiddele- en	-	BIR324 16K

Immaterieelgoederereg		
Bewysreg	-	BWR224 16K
Capita Selecta uit die Privaatreg	CPR414 16K	-
Deliktereg	DEL314 16K	-
Derdepartyvergoedingsreg	-	MMF424 16K
Erfreg en Boedelbereddering	-	ERF224 16K
Familiereg	-	FAM124 16K
Handelsregtelike Ooreenkomste, Verbruikers- en Versekeringsreg	HRO314 16K	-
Historiese Grondslae van die Suid- Afrikaanse Reg	RGK114 16K	-
Inleiding tot die Regswetenskap	ILR114 16K	ILR124 16K
Internasionale Reg	-	INR424 16K
Insolvensie- en Likwidasiereg	-	LIR424 16K
Kontraktereg	KON214 16K	-
Ondernemingsvormereg	ONR314 16K	ONR324 16K
Personereg	PSN114 16K	-
Publiekreg	PBR314 16K	PBR324 16K
Publiekreg	PBR414 16K	PBR424 16K
Regsleer	RGL414 16K	RGL424 16K
Regspluralisme	-	RPL224 16K
Regspraktyk	RPK112 8K	RPK122 8K
Regspraktyk	RPK214 16K	-
Regspraktyk	RPK312 8K	RPK322 8K
Regspraktyk	RPK412 8K	RPK422 8K
Romeinsregtelike Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg	-	ROR124 16K
Sakereg	-	SAK324 16K
Siviele Prosesreg	SVP414 16K	-
Strafprosesreg	-	SPF224 16K
Strafreg	SFR114 16K	SFR124 16K

Strafreg	SFR214 16K	-
Skripsie *	-	RSK424 16K
Uitlegsleer	ULL214 16K	-
Verbintenisreg	-	VBR324 16K
Twee semestermodules uit die volgende eerstejaar-elektiewe :		
Regsafrikaans	AFP112 en AFP132 en	AFP122 of AFP142 of
Regsengels	REN108 of	
Latyn	LAT108 of	
Regstaal en -kultuur	RTK114 en	RTK124
of enige ander taal wat regsnavorsing ontsluit en waarvan die lesing- en eksamentye nie met die rooster van die Fakulteit Regsgeleerdheid bots nie, bv.		
Duits	DTS114 en DTS154 en	DTS124 of DTS164 of
Frans	FRN114 en FRN214 en FRN314 en	FRN124 of FRN224 of FRN324
Een van die volgende tweedejaar-elektiewe :		
Regsrekeningkunde	ERRK60806 of	
Regskriminologie	RKR215 en	RKR225
Twee semester-modules uit die volgende vierdejaar-elektiewe :		
Deeltitels en Aandeleblokskemas	DEE414 16K	-
Elektroniese en Internetreg	-	EIL424 16K
Finansiële Beplanningsreg	FBR414 16K	FBR424 16K
Handelsmisdaad	-	BCR424 16K
Internasionale Ekonomiese Reg	IER414 16K	-
Internasionale Privaatreg	IPR414 16K	-
Mededingingsreg	-	MCR424 16K
Medicina Forensis	MDF414 16K	MDF424 16K
Omgewingsreg	-	OGR424 16K

Regsvergelyking	-	RVG424 16K
Skadevergoedingsreg	SDR414 16K	-
Strafreg	SFR414 16K	SFR424 16K
Trustreg	-	TRR424 16K
Versekeringsreg	VOF414 16K	-

- (b) Die vyfjaar LLB-graad (studiekode 3303) word toegeken indien 'n kandidaat aan paragraaf (a) voldoen het en minstens die volgende bykomende ontwikkelingsmodules geslaag het of vir die toepaslike modules vrystelling of erkenning ontvang het:

Module	Kode en Krediet-waarde (K) Eerste Semester	Kode en Krediet-waarde (K) Tweede Semester
Akademie Taalkursus in Engels * of Afrikaans vir Akademie Doeleindes * * 'n Student moet registreer vir die taalvaardigheidsmodule in die onderrigtaal van sy/haar keuse.	ALC108 32K of AFA108 32K	
Regsvaardighede	RVD134 16K	RVD144 16K
Rekenaargebruik	-	BRS121 4K
Gevorderde Rekenaargeletterdheid (Indien 'n student Inligtingstechnologie (IT) in Graad 12 (NKR-vlak 4) of Rekenaar-toepassingstechnologie (RTT) (NKR-vlak 5) geslaag het, word hy/sy volgens Reël D5.1 in die Natuur- & Landbouwetenskappe se jaarboek, Deel 1., van BRS111 vrygestel)	BRS111 4K	-
Vaardighede en Bevoegdhede in Lewenslange Leer	VBL108 32K	
Wiskundige Geletterdheid	MTL108 32K	

REËL E6(A) *BACCALAUREUS LEGUM: LLB*
Vierjaar LLB-kurrikulum
 (Studiekode 3302; krediete 752)

- E6(A).1** Die algemene reëls ten opsigte van *baccalaureus*-grade, asook Reël E5, is *mutatis mutandis* op hierdie kurrikulum van toepassing.
- E6(A).2** Die vierjaar kurrikulum vir die LLB-graad word met inagneming van Reël E5.2 uit die volgende modules in die onderskeie studiejare saamgestel:

Eerste studiejaar

Eerste semester

Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg	RGK114
Inleiding tot die Regswetenskap	ILR114
Personereg	PSN114
Regspraktyk	RPK112
Strafreg	SFR114
UFS101	UFS101
* Elektiewe moet in die eerste semester geneem word	

Tweede semester

Familiereg	FAM124
Inleiding tot die Regswetenskap	ILR124
Regspraktyk	RPK122
Romeinsregtelike Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg	ROR124
Strafreg	SFR124
UFS101	UFS101
* Elektiewe moet in die tweede semester geneem word	

*** Een van die volgende elektiewe in elke semester:**

Afrikaans vir die Professions of	AFP112, AFP122, AFP132 en AFP142
Latyn of	LAT108
Regsengels of	REN108
Regstaal en -kultuur of	RTK114 en RTK124
Frans of	FRN114 en FRN124 of FRN214 en FRN224 of FRN314 en FRN324 of
Duits of	DTS114 en DTS124 DTS154 en DTS164
of enige ander taal wat regsnavorsing ontsluit, mits dit op die rooster van die Fakulteit Geesteswetenskappe geplaas is en nie met die rooster van die Fakulteit Regsgeleerdheid bots nie.	

Tweede studiejaar

Eerste semester

Arbeidsreg	ARR214
Kontraktereg	KON214
Regspraktyk	RPK214
Strafreg	SFR214
Uitlegsleer	ULL214
* Elektiewe moet in die eerste semester geneem word	

Tweede semester

Arbeidsreg	ARR224
Bewysreg	BWR224
Erfreg en Boedelbereddering	ERF224
Regspluralisme	RPL224
Strafprosesreg	SPF224
* Elektiewe moet in die tweede semester geneem word	

*** Een van die volgende elektiewe in elke semester:**

Regsrekeningkunde of	** ERRK60806 of
Regskriminologie	RKR215 en RKR225

** Studente wat as prokureurs wil praktiseer, word aangeraai om ERRK60806 te neem omdat rekeningkunde deel van die toelatingseksamen vir prokureurs uitmaak.

Derde studiejaar

Eerste semester

Belastingreg	BLR314
Deliktereg	DEL314
Handelsregtelike Ooreenkomste, Verbruikers- en Versekeringsreg	HRO314
Ondernemingsvormereg	ONR314
Publiekreg	PBR314
Regspraktyk	RPK312

Tweede semester

Betaalmiddele- en Immaterieelgoederereg	BIR324
Ondernemingsvormereg	ONR324
Publiekreg	PBR324
Regspraktyk	RPK322
Sakereg	SAK324
Verbintenisreg	VBR324

NOTA: Let daarop dat die onderwerp en studieleier van die skripsie (RSK424) wat in die vierde studiejaar aangebied word, reeds voor 1 September in die derde studiejaar departementeel op die voorgeskrewe vorm geregistreer word. Formele registrasie vind aan die begin van die vierde studiejaar plaas. Registrasievorms word by die fakulteitsekretaris ingedien.

Vierde studiejaar

Eerste semester

Capita Selecta uit die Privaatreg	CPR414
Publiekreg	PBR414
Regsleer	RGL414
Regspraktyk	RPK412
Siviele Prosesreg	SVP414

Een van die volgende elektiewe moet in die eerste semester geneem word:

Deeltitels en Aandeleblokskemas	DEE414
Finansiële Beplanningsreg	FBR414
Internasionale Ekonomiese Reg	IER414
Internasionale Privaatreg	IPR414
Medicina Forensis	MDF414
Skadevergoedingsreg	SDR414
Strafreg	SFR414
Versekeringsreg	VOF414

Tweede semester

Derdepartyvergoedingsreg	MMF424
Insolvensie- en Likwidasiereg	LIR424
Internasionale Reg	INR424
Publiekreg	PBR424
Regsleer	RGL424
Regspraktyk	RPK422
Skripsie *	RSK424

* Die skripsie (maksimum 20 getikte bladsye) moet op die eerste Vrydag van die tweede semester by die betrokke studieleier ingedien word.

Een van die volgende elektiewe moet in die tweede semester geneem word:

Elektroniese en Internetreg	EIL424
Finansiële Beplanningsreg	FBR424
Handelsmisdaad	BCR424
Mededingingsreg	MCR424
Medicina Forensis	MDF424
Omgewingsreg	OGR424
Regsvergelyking	RVG424
Strafreg	SFR424
Trustreg	TRR424

Let wel: Die aanbieding van elektiewe is onderhewig aan 'n minimum aantal kandidate en die beskikbaarheid van personeel soos jaarliks deur die Fakulteitsraad vasgestel.

N.B.: Studente moet let op Algemene Reël A14 wat *inter alia* voorsiening maak dat toelating tot die eksamen geweier sal word indien 'n minimum semesterpunt van 40% nie behaal is nie.

REËL E6(B) *BACCALAUREUS LEGUM: LLB*
Vyfjaar LLB-kurrikulum
(Studiekode 3303; krediete 888)

- E6(B).1** Die algemene reëls ten opsigte van *baccalaureus*-grade, asook Reël E5, is *mutatis mutandis* op hierdie kurrikulum van toepassing.
- E6(B).2** Die vyfjaar-kurrikulum vir die LLB-graad word met inagneming van Reël E5.2 uit die volgende modules in die onderskeie studiejare saamgestel:
-

Eerste studiejaar

Eerste semester

Akademiese Taalkursus in Engels* of Afrikaans vir Akademiese Doeleindes* * ('n Student moet registreer vir die taalvaardigheidsmodule in die onderrigtaal van sy/haar keuse.)	ALC108 * of AFA108 *
Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg	RGK114
Inleiding tot die Regswetenskap	ILR114
Rekenaargeletterdheid (Studente wat Rekenaarstudie op Graad 12-vlak met 'n D – HG of C – SG geslaag het, word van BRS111 vrygestel.)	BRS111
Vaardighede en Bevoegdhede in Lewenslange Leer	VBL108
Wiskundige Geletterdheid	MTL108

Tweede semester

Akademiese Taalkursus in Engels* of Afrikaans vir Akademiese Doeleindes*	ALC108* of AFA108*
Inleiding tot die Regswetenskap	ILR124
Rekenaargebruik	BRS121
Romeinsregtelike Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg	ROR124
Vaardighede en Bevoegdhede in Lewenslange Leer	VBL108
Wiskundige Geletterdheid	MTL108

Tweede studiejaar

Eerste semester

Personereg	PSN114
Regspraktyk	RPK112
Regsvaardighede	RVD134
Strafreg	SFR114
UFS101	UFS101
Elektiewe *	

Tweede semester

Familiereg	FAM124
Regspraktyk	RPK122
Regsvaardighede	RVD144
Strafreg	SFR124
UFS101	UFS101
Elektiewe *	

*** Een van die volgende elektiewe (tweede studiejaar):**

Afrikaans vir die Professies of	AFP112, AFP122, AFP132 en AFP142
Latyn of	LAT108
Regsengels of	REN108
Regstaal en -kultuur of	RTK114 en RTK124
Frans of	FRN114 en FRN124 of FRN214 en FRN224 of FRN314 en FRN324
Duits of	DTS114 en DTS124 DTS154 en DTS164

of enige ander taal wat regsnavorsing ontsluit, mits dit op die rooster van die Fakulteit Geesteswetenskappe geplaas is en nie met die rooster van die Fakulteit Regsgeleerdheid bots nie.

Derde studiejaar

Eerste semester

Arbeidsreg	ARR214
Kontraktereg	KON214
Regspraktyk	RPK214
Strafreg	SFR214
Uitlegsleer	ULL214
* 'n Keusemodule moet in die eerste semester geneem word	

Tweede semester

Arbeidsreg	ARR224
Bewysreg	BWR224
Erfreg en Boedelbereddering	ERF224
Strafprosesreg	SPF224
Regspluralisme	RPL224
* Elektiewe moet in die tweede semester geneem word	

*** Een van die volgende elektiewe in elke semester:**

Regsrekeningkunde of	ERRK60806 ** of
Regskriminologie	RKR215 en RKR225

** Studente wat as prokureurs wil praktiseer, word aangeraai om ERRK60806 te neem omdat rekeningkunde deel van die toelatingseksamen vir prokureurs uitmaak.

Vierde studiejaar

Eerste semester

Belastingreg	BLR314
Deliktereg	DEL314
Handelsregtelike Ooreenkomste, Verbruikers- en Versekeringsreg	HRO314
Ondernemingsvormereg	ONR314
Publiekreg	PBR314
Regspraktyk	RPK312

Tweede semester

Betaalmiddele- en Immaterieelgoederereg	BIR324
Ondernemingsvormereg	ONR324
Publiekreg	PBR324
Regspraktyk	RPK322
Sakereg	SAK324
Verbintenisreg	VBR324

NOTA: Let daarop dat die onderwerp en studieleier van die skripsie (RSK424) wat in die vyfde studiejaar aangebied word, reeds voor 1 September in die vierde studiejaar departementeel op die voorgeskrewe vorm geregistreer word. Formele registrasie vind aan die begin van die vyfde studiejaar plaas. Registrasievorms word by die fakulteitsekretaris ingedien.

Vyfde studiejaar

Eerste semester

Capita Selecta uit die Privaatreg	CPR414
Publiekreg	PBR414
Regsleer	RGL414
Regspraktyk	RPK412
Siviele Prosesreg	SVP414

Een van die volgende elektiewe moet in die eerste semester geneem word:

Deeltitels en Aandeleblokskemas	DEE414
Finansiële Beplanningsreg	FBR414
Internasionale Ekonomiese Reg	IER414
Internasionale Privaatreg	IPR414
Medicina Forensis	MDF414
Skadevergoedingsreg	SDR414
Strafreg	SFR414
Versekeringsreg	VOF414

Tweede semester

Derdepartyvergoedingsreg	MMF424
Insolvensie- en Likwidasiereg	LIR424
Internasionale Reg	INR424
Publiekreg	PBR424
Regsleer	RGL424
Regspraktyk	RPK422
Skripsie *	RSK424

* Die skripsie (maksimum 20 getikte bladsye) moet op die eerste Vrydag van die tweede semester by die betrokke studieleier ingedien word.

Een van die volgende elektiewe moet in die tweede semester geneem word:

Elektroniese en Internetreg	EIL424
Finansiële Beplanningsreg	FBR424
Handelsmisdaad	BCR424
Mededingingsreg	MCR424
Medicina Forensis	MDF424
Omgewingsreg	OGR424
Regsvergelyking	RVG424
Strafreg	SFR424
Trustreg	TRR424

*Let wel: Die aanbieding van elektiewe is onderhewig aan 'n minimum aantal kandidate en die beskikbaarheid van personeel soos jaarliks deur die Fakulteitsraad vasgestel.

N.B.: Studente moet let op Algemene Reël A14 wat *inter alia* voorsiening maak dat toelating tot die eksamen geweier sal word indien 'n minimum semesterpunt van 40% nie behaal is nie.

REËL E7 *BACCALAUREUS LEGUM: LLB*
As 'n tweede *baccalaureus*-graad
(Studiekode 3302)

- E7.1** Die LLB kan ook as tweede *baccalaureus*-graad verwerf word. 'n Student kan byvoorbeeld vir die graad B Com (Regte) inskryf. Regsmodules wat in die loop van sodanige kwalifikasie verwerf is en wat binne die voorafgaande 7 jaar voordat 'n student vir die LLB-graad registreer, geslaag is, hoef nie tydens die LLB-studie herhaal te word nie, met die gevolg dat die LLB-graad na slegs, maar ten minste, twee verdere jare studie verwerf kan word.
- E7.2** Die algemene reëls ten opsigte van *baccalaureus*-grade, asook Reël E5, is *mutatis mutandis* op hierdie kurrikulum van toepassing.
- E7.3** (a) Kurrikula vir die LLB wat volg op enige *baccalaureus*-graad, buiten soos bepaal in E7.4 en E7.5 hieronder, word in oorleg met die dekaan saamgestel.
- (b) Studente in die LLB wat volg op enige *baccalaureus*-graad, buiten soos bepaal in E7.4 en E7.5 hieronder, word vrygestel van die volgende modules wat in Reël E5.4(A) vereis word:
- (a) RPK112 en 122.
- (b) RPK312, 322, 412 en 422, in die geval van studente wat reeds die praktiese eksamens kragtens Artikel 15 van die Wet op Prokureurs, Wet 53 van 1979, suksesvol afgelê het.

**REËL E7.4 DIE KURRIKULUM VIR DIE LLB VOORAFGEGAAN
- ☐ die werking van e-handel met verwysing na digitale handtekeninge, immaterieelgoedere, name van webtuistes, belasting, kontrakte, aanlynbetalings en delikte te kan bespreek;
- ☐ kliënte oor verbruikersbeskerming op die internet te kan adviseer;
- ☐ die toepassing van telekommunikasiewetgewing te kan bespreek;
- ☐ strafregtelike bepalinge te kan identifiseer en te kan toepas; en
- ☐ die moontlikhede van aanlyngeskilbeslegting as 'n alternatief vir tradisionele litigasie te ondersoek.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

ERF224 Erfreg en Boedelbereddering

Die module ERF224 Erfreg en Boedelbereddering (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die student sal:

- ☐ aan die teorie oor Testate en Intestate Erfreg bekendgestel word;
- ☐ in staat wees om 'n bestorwe boedel te beredder;
- ☐ kan bepaal wat na afsterwe met 'n persoon se besittings moet gebeur;
- ☐ weet hoe om 'n testament te verly;
- ☐ weet hoe om die Intestate Erfreg toe te pas;
- ☐ weet hoe om 'n bestorwe boedel by die Meester te rapporteer;
- ☐ weet hoe 'n eksekuteur aangestel word;
- ☐ regstappe in die bereddering van 'n bestorwe boedel kan doen; en
- ☐ weet hoe om boedelbelasting te bereken.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Wet op Testamente
- ☐ Wet op Intestate Erfopvolging
- ☐ Boedelbelastingwet

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ intestate erfgename te bepaal;
- ☐ 'n testament uit te lê en erfgename te bepaal;
- ☐ te bepaal wie erf wat;
- ☐ 'n testament te verly; en
- ☐ 'n bestorwe boedel te beredder.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FAM124 Familiereg

Die module FAM124 Familiereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal, met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak, aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Familiereg en die praktiese implikasies daarvan bekendgestel word.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om (met inagneming van konstitusionele waardes) begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die vereistes vir verlowings, huwelike en burgerlike verbintenisse;
- ☐ die regserkenning van huishoudelike deelgenootskappe ("domestic partnerships");
- ☐ die verskillende huweliksgoederestelsels;
- ☐ die voorgeskrewe formaliteitsvereistes en die inhoudsbepalings van voorhuwelikse kontrakte; en
- ☐ die beëindiging van die huwelik/burgerlike verbintenis en die regsgevolge van sodanige beëindiging.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

FBE114 Finansiële Beplanning Ekonomie

Die module FBE114 (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal, met deurlopende verwysing na die impak van Ekonomie, bekendgestel word aan die basiese beginsels, begrippe en praktiese implikasies van Finansiële Beplanning.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

By suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om die relevante begrippe en beginsels te assimileer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ ekonomiese krisisse van ons tyd
- ☐ die funksionering van 'n ekonomie
- ☐ sosio-ekonomiese ontwikkeling
- ☐ die ooreenstemmende ekonomiese idees, teorieë en stelsels
- ☐ ekonomie as 'n wetenskap

Assessering

Assessering om te bepaal of die student die module-uitkomst behaal het, vind formatief (quizzes) en summatief (eksamen) plaas.

FBE124 Finansiële Beplanning Ekonomie

Die module FBE124 (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal, met deurlopende verwysing na die impak van Ekonomie, bekendgestel word aan die basiese beginsels, begrippe en praktiese implikasies van Finansiële Beplanning.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

By suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om die relevante begrippe en beginsels te assimileer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ makro-ekonomiese indikators
- ☐ gebruikmaking van Nasionale rekenings
- ☐ hoe om die monetêre sektor te identifiseer en te illustreer
- ☐ rentekoerse
- ☐ die toepassing van die komponente van totale uitgawe
- ☐ die rol van die regering in die makro-ekonomie
- ☐ reële en monetêre sektore
- ☐ monetêre en fiskale beleid

Assessering

Assessering om te bepaal of die student die module-uitkomst behaal het, vind formatief (quizzes) en summatief (eksamen) plaas.

FBR114 Finansiële Beplanningsreg

Beskrywing en doel van kursus

- ☐ Verstaan en verduidelik die terme finansiële beplanners, finansiële beplanning, finansiële dienste, ens.
- ☐ Bespreek en sit die finansiële beplanningsproses uiteen. Waar van toepassing, verwys na toepaslike vereistes van die Wet op Finansiële Adviseurs en Intermediêre Dienste, 37 van 2002.
- ☐ Bepreek kortliks die inligting wat van 'n kliënt nodig word om in staat te wees om 'n finansiële plan vir die kliënt op te stel.
- ☐ Bespreek waarom dit belangrik is om 'n begroting op te stel, asook die voordele daaraan verbonde en die stappe daartoe.
- ☐ Verduidelik kortliks die verskillende tipes krediet, bv. verbruikerrekeninge, winkelkrediet, winkelleninge, kredietkaarte, oortrokke fasiliteite en 'n persoonlike rekening.
- ☐ Onderskei tussen nominale rentekoerse en 'n effektiewe rentekoers.
- ☐ Bespreek kortliks noodfondse aan jou kliënt.
- ☐ Bespreek kortliks enige kapitale tekortkominge wat by dood of ongeskiktheid mag voorkom.
- ☐ Bespreek kortliks die spesiale finansiële beplanningsbehoefte wat van toepassing kan wees by egskeding of indien die kliënt sy/haar werk verloor en die verskillende aspekte wat in ag geneem sal moet word.
- ☐ Lys die redes vir die belang van besigheidsetiek en die algemeenste etiese probleme.
- ☐ Bespreek die terme nakoming, regsrisiko en nie-nakoming, asook die redes en doelwitte van nakomingswetgewing en die gevolge van nie-nakoming.
- ☐ Bespreek die funksie en doel van regulerende liggame.
- ☐ Beskryf en verstaan die konsepte FPI, FPSB en CFP.
- ☐ Beskryf die ekonomiese faktore wat 'n impak het op beleggings.
- ☐ Ken die relevante hofsake en FAIS ombudbeslissings rakende verbruiker-beskerming.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Finansiële Beplanningskonsepte
- ☐ Ekonomiese Terme
- ☐ Relevante Wetgewing.
- ☐ Hofsake

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FBR124 Finansiële Beplanningsreg

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die belangrikste aspekte van die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel te verstaan;
- ☐ die basiese werking van mediese skemas te verstaan;
- ☐ die basiese bepalings van die Wet op Mediese Skemas en die reëls daarvan te ken en toe te pas;
- ☐ die basiese beginsels van gesondheidsorg te ken en toe te pas;
- ☐ 'n basiese kennis en verstaan van beleggingsinstrumente, -produkte en -beplanning en die toepassing van hierdie beginsels te hê; en
- ☐ 'n basiese kennis en verstaan van aftreefondse, -voordele en -beplanning en die toepassing van hierdie beginsels te hê.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Gesondheidsorg
- ☐ Basiese Beleggingsbeplanning
- ☐ Basiese Aftreebeplanning
- ☐ Relevante Wetgewing
- ☐ Hofsake

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FBR214 Finansiële Beplanningsreg

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ 'n algemene begrip van etiek in die finansiële dienstebedryf te hê, die konsep nakoming te verstaan, die gevolge van nie-nakoming, asook die rol van die verskillende regulerende liggame in die regulerende omgewing te verstaan.
- ☐ 'n uitgebreide kennis van nakomingwetgewing en toepaslike regspraak te toon insluitend:
 - die bepalings van die Polshouerbeskermingsreëls kragtens sowel die Langtermynversekeringswet, 52 van 1998, as die Korttermynversekeringswet, 53 van 1998.
 - die bepalings van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 37 van 2002, en die Algemene Gedragskode, in besonder met betrekking tot die rol van die Registrateur van Finansiële diensverskaffers, die magtiging, verteenwoordigers en pligte van finansiële diensverskaffers, die afdwing van die Wet en die strawwe vir nie-nakoming;
 - die bepalings van die Wet op Georganiseerde Misdaad, 121 van 1998, in besonder die geldwasseryoortredings in die Wet en die rol van die finansiële beplanner in die voorkoming van geldwassery; en
 - die bepalings van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 38 van 2001, in besonder met betrekking tot die pligte van verantwoordingspligtige instellings, die rol van die geldwasseryrapporterings-beampte, die geldwassery-beheermaatreëls en die stappe wat 'n finansiële beplanner moet neem in die lig van die pligte wat in die Wet opgelê word;
- ☐ 'n uitgebreide kennis van die aanspreeklikheid van die finansiële beplanner as werknemer en as 'n onafhanklike finansiële beplanner en die pligte tot sorg en vaardigheid te toon, insluitend die toepaslike regspraak;
- ☐ 'n algemene begrip van die konsep persoonlikerisikobestuur te hê; en
- ☐ 'n uitgebreide kennis van geselekteerde bepalings van die Nasionale Kredietwet, 68 van 2008, en toepaslike regspraak te toon.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Etiek
- ☐ Nakoming
- ☐ Die regulerende raamwerk in die finansiële dienstebedryf
- ☐ Persoonlikerisikobestuur
- ☐ Langtermyn- en Korttermynversekering
- ☐ Relevante Regspraak

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FBR224 Finansiële Beplanningsreg

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die basiese beginsels van rente te verstaan;
- ☐ die verskil tussen enkelvoudige- en saamgestelde rente te verstaan;
- ☐ te weet hoe om finansiële berekeninge te doen van sowel die *Hewlett Packard 10B* as *Sharp EL -731* gebruik te maak;
- ☐ te weet hoe om huidige waardes, toekomstige waardes en herhaalde betalings in verskillende gevalle te bereken;
- ☐ tussen die verskillende tipes belasting in Suid-Afrika te kan onderskei;
- ☐ 'n kliënt se belastingaanspreeklikheid te kan bereken;
- ☐ "belasbare inkomste" te kan bereken deur alle bedrae behoorlik in te sluit en af te trek;
- ☐ 'n kliënt te kan adviseer onder watter omstandighede so persoon vir belastingdoeleindes "woonagtig" sal wees;
- ☐ te bepaal wanneer inkomste deur 'n persoon of trust gemaak, geag word iemand anders s'n te wees;
- ☐ die aanspreeklikheid van 'n persoon vir kapitaalwinsbelasting te kan bereken, deur seker te maak dat alle uitsluitings en oorrolle in ag geneem is;
- ☐ eiendom vir die doeleindes van die basiskoste van 'n kapitale bate te kan waardeer;
- ☐ te kan bepaal wanneer 'n kapitale wins deur 'n persoon of trust gemaak, 'n ander persoon s'n geag kan word;
- ☐ om basiese boedelbelastingberekening te kan uitvoer;
- ☐ om 'n persoon se aanspreeklikheid vir skenkingsbelasting te kan bepaal;
- ☐ te kan adviseer watter oordragskoste betaalbaar word wanneer 'n persoon eiendom na 'n ander oordra en ook watter vrystellings beskikbaar is;
- ☐ te kan adviseer wanneer seëlregte betaalbaar word en watter vrystellings beskikbaar is;
- ☐ te kan bepaal wanneer en deur wie vaardigheidsontwikkelings-fooie betaalbaar is en ook watter vrystellings beskikbaar is; en
- ☐ oor die heffing van ongesertifiseerde sekuriteitebelasting te kan adviseer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Enkelvoudige en Saamgestelde Rente
- ☐ Finansiële Berekeninge
- ☐ Inkomstebelasting
- ☐ Kapitaalwinsbelasting
- ☐ Boedelbelasting
- ☐ Skenkingsbelasting
- ☐ Oordragskoste
- ☐ Seëlregte
- ☐ Ongesertifiseerde Sekuriteitebelasting

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FBR314 Finansiële Beplanningsreg (Boedelbeplanning)

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om die volgende te doen:

- ☐ Definieer 'erfopvolgingbeplanning'.
- ☐ Definieer 'boedelbeplanning'.
- ☐ Dui aan op wie die Boedelbelastingwet, 45 van 1955, van toepassing is.
- ☐ Dui aan watter eiendom in die berekening van boedelbelasting in ag geneem moet word.
- ☐ Dui aan hoe die 'belasbare bedrag' vir boedelbelastingdoeleindes bepaal word.
- ☐ Verstaan beperkte reg en bereken die waarde van beperkte reg.
- ☐ Dui aan hoe eiendom en geagte eiendom vir boedelbelastingdoeleindes gewaardeer moet word.
- ☐ Noem en bespreek kortliks die aftrekkings wat in die berekening van die belasbare bedrag vir boedelbelastingdoeleindes toegelaat word.
- ☐ Bespreek kortliks wat 'boedelsamesmelting' beteken.
- ☐ Verduidelik wat bedoel word met die "restant" van die boedel en bereken die restant.
- ☐ Verduidelik die korting beskikbaar wanneer boedelbelasting bereken word.
- ☐ Bespreek die korting vir snelle erfopvolging.
- ☐ Bespreek watter persone vir boedelbelasting aanspreeklik kan wees.
- ☐ Bespreek kortliks die invloed wat kapitaalwinsbelasting op boedelbelasting het.
- ☐ Bereken kapitaalwinsbelasting by die dood van die persoon en in die boedel.
- ☐ Bespreek die probleem rakende die likiditeit van 'n boedel as gevolg van kapitaalwinsbelasting en die betaling van kapitaalwinsbelasting deur die erfgename.
- ☐ Bereken boedelbelasting.
- ☐ Definieer 'n gade kragtens die Inkomstebelastingwet en die Boedelbelastingwet.
- ☐ Verduidelik waarom die definisie van 'n 'gade' vir die finansiële beplanner belangrik is.
- ☐ Verstaan en pas die verskillende huweliksgoederebedelings toe.
- ☐ Bereken 'n aanwaseis.
- ☐ Bespreek die belang daarvan om 'n testament te hê.
- ☐ Bespreek die formaliteite wat vereis word om 'n wettige testament te verly.
- ☐ Dui aan onder watter omstandighede 'n hof 'n testament wettig kan verklaar.
- ☐ Dui aan wie uit 'n testament bevoordeel mag word.
- ☐ Bespreek kortliks die bepalinge van Artikel 2C (1) en (2) van die Wet op Testamente.
- ☐ Bespreek kortliks wat die Wet op Testamente insake vererwing by gewese gades bepaal.
- ☐ Dui aan wie 'n testament mag verly.
- ☐ Verduidelik hoekom 'n trust 'n gewilde middel is vir boedelbeplanning.
- ☐ Definieer 'n trust.
- ☐ Bespreek die partye van 'n trust.
- ☐ Bespreek die verskillende soorte trusts.
- ☐ Verduidelik hoe 'n trust geskep word en bespreek die wetlike aard van 'n *inter vivos* en 'n testamentêre trust.
- ☐ Dui aan of 'n trust as 'n 'persoon' beskou word en bespreek die "eienaarskap" van trusteeiendom.
- ☐ Noem die noodsaaklike vereistes vir die opstel van 'n geldige testament.
- ☐ Bespreek kortliks die aanstelling van trustees.
- ☐ Bespreek die pligte van 'n trustee.

- ☐ Bespreek die mag van 'n trustee.
- ☐ Maak 'n lys van die maniere waarop trusteeskap beëindig word.
- ☐ Bespreek die persoonlike aanspreeklikheid van 'n trustee.
- ☐ Bespreek of 'n trust 'n begunstigde in 'n testament mag wees.
- ☐ Bespreek wysigings en veranderings aan 'n trustakte.
- ☐ Bespreek of 'n persoon 'n geldige handeling namens die trust mag uitvoer voordat sy/hy as 'n trustee aangestel is.
- ☐ Bespreek die voordele van 'n trust in boedelbeplanning.
- ☐ Bespreek die nadele van 'n trust.
- ☐ Bespreek die invloed van kapitaalwinsbelasting op 'n gevestigde trust.
- ☐ Bespreek die invloed van kapitaalwinsbelasting op 'n diskresionêre trust.
- ☐ Bespreek die verwantepersonereël wat met 'n trust en kapitaalwinsbelasting verband hou.
- ☐ Bespreek wanneer winste as 'n ander s'n geag sal word.
- ☐ Bespreek wanneer kapitaalwinsbelasting aan verskillende partye toeskryfbaar is.
- ☐ Bespreek wanneer Artikel 7 as 'n belastingvoordeel gebruik kan word en bespreek die bepaling van Artikel 7(3) – (10).
- ☐ Verduidelik Artikel 25B van die Inkomstebelastingwet.
- ☐ Verduidelik kortliks die reël teen ewigdurende regte en die reël teen onvervreemdbaarheid.
- ☐ Bespreek kortliks die bepaling van Artikel 25B en Paragraaf 80 van die Inkomstebelastingwet wat verband hou met buitelandse trusts en Suid-Afrikaanse belasting.
- ☐ Bespreek die doelwit van boedelbeplanning.
- ☐ Verduidelik die beplanningsproses.
- ☐ Bespreek kortliks die doelwitte van die beplanningsprosesse.
- ☐ Bespreek die doelwitte wat deur 'n boedelplan bereik moet word.
- ☐ Verduidelik watter bepaling van die Boedelbelastingwet as 'n vermydingsbepaling gebruik kan word.
- ☐ Bespreek hoe sekere skemas en transaksies gebruik kan word as 'n manier om boedelbelasting te spaar.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

FBR314 is 'n spesialisasieveld in die Finansiële Beplanningsreg en sal opsommenderwys die volgende dek:

- ☐ wat is boedelbeplanning;
- ☐ sekere begrippe en definisies;
- ☐ die Wet op Huweliksgoedere;
- ☐ die maak van 'n geldige testament en die Wet op Testamente;
- ☐ boedelbelasting; en
- ☐ trusts, die gebruik van trusts in boedelbeplanning en die Wet op die Beheer van Trustgoedere.

Die doel van hierdie kursus is om studente vertrouwd te maak met die boedelbeplanning as spesialisveld. Ten einde hierdie doel te bereik, word daar van formele lesings, elektroniese skyfies, handboeke, wetgewing, besprekings oor regspraak en artikels en selfstudie gebruik gemaak.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomstebereik het.

FBR324 Finansiële Beplanningsreg (Aftredebeplanning)

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om die volgende te doen:

- ☐ Verduidelik wat bedoel word met die “uittredings-funderingsinkomste”.
- ☐ Bepaal die maksimum belastingaftrekking wat 'n belastingbetaler vir bydraes tot 'n Uittredingsannuïteit kan maak.
- ☐ Verduidelik wat met die term “uittree-annuïteit” bedoel word.
- ☐ Verduidelik die boedelbelastingimplikasies by die dood van 'n lid van die voordeel wat deur die aftreefonds betaal word.
- ☐ Verduidelik die basiese verskille tussen 'n pensioen-, voorsorg- en voordeelfonds.
- ☐ Verduidelik die verskil tussen 'n pensioen-, voorsorg- en voordeelfonds.
- ☐ Verduidelik wie geskik is om 'n lid van 'n pensioen- of voorsorgfonds te word.
- ☐ Verduidelik hoe om die maksimum bedrag wat as werkgewersbydrae aan 'n Pensioenfonds van belasting aftrekbaar is, te bereken.
- ☐ Verduidelik die belastingimplikasies en die reëls wat vir die omskakeling van 'n pensioenfonds na 'n voorsorgfonds geld.
- ☐ Verduidelik die doel en pligte van die raad van 'n pensioen- of voorsorgfonds.
- ☐ Bespreek die reëls wat vir die toedeling van pensioenfondssurplusse geld.
- ☐ Verduidelik wat met die term “aktuariële ondersoeke” bedoel word.
- ☐ Verduidelik tot watter mate aftreefondsvoordele in die geval van die lid se insolvensie teen krediteure beskerm word.
- ☐ Verduidelik hoe aftreefondsvoordele by die dood van 'n lid vervreemd word.
- ☐ Verduidelik onder watter omstandighede en tot watter mate 'n vennoot 'n lid van 'n pensioen- of voorsorgfonds kan wees.
- ☐ Verduidelik die basiese reëls wat vir die belasting op aftreefondse geld.
- ☐ Bereken die belasbare en belastingvrye gedeelte van aftreefondsvoordele wat by aftrede, uittrede of dood betaalbaar is.
- ☐ Verduidelik wat 'n bewaringsfonds is.
- ☐ Verduidelik die voordele om pensioen- of voorsorgfondsvoordele na 'n bewaringsfonds oor te dra.
- ☐ Verduidelik die belasting op surpluspensioenvoordele wat die werkgewer en 'n lid of 'n vorige lid toeval.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

FBR 324 word saamgestel uit die volgende:

- ☐ Basiese beginsels van aftredebeplanning
- ☐ Die vooraftredeproses
- ☐ Die verskillende tipes fondse
- ☐ Belastingaspekte

Die doel met hierdie kursus is om die student vertrou te maak met die beginsels wat finansiële beplanning in die praktyk onderlê. Ten einde hierdie doel te bereik, word daar van formele lesings, elektroniese skyfies, handboeke, wetgewing, besprekings oor regspraak en artikels en selfstudie gebruik gemaak.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FBR414 Finansiële Beplanningsreg

Die module FBR414 Finansiële Beplanningsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg by die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aangebied.

Kennis van Kontraktereg, Versekeringsreg en Belastingreg is 'n voorvereiste.

Beskrywing en doel van kursus

Die student word bekendgestel aan die beginsels van belasting in Suid-Afrika, insluitende inkomste-, kapitaalwins-, boedel- en skenkingsbelasting asook die berekening daarvan in die konteks van persoonlike finansiële beplanning. Die student word ook verder aan basiese boedelbeplanningsbeginsels en -instrumente, insluitende testamente, huweliksgoederebedelings, trusts en die praktiese gebruik daarvan in boedelbeplanning bekendgestel.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die beginsels van inkomste-, kapitaalwins-, boedel- en skenkingsbelasting, asook die praktiese toepassing van hierdie beginsels in die berekening van belastingaanspreeklikheid in die konteks van persoonlike finansiële beplanning; en
- ☐ die beginsels van boedelbeplanning en die gebruikmaking van instrumente in die boedelbeplanningsproses.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FBR424 Finansiële Beplanningsreg

Die module FBR424 Finansiële Beplanningsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg by die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aangebied.

Kennis van Kontraktereg, Belastingreg en Versekeringsreg is 'n voorvereiste.

Beskrywing en doel van kursus

Die student word bekendgestel aan die regulerende omgewing vir finansiële beplanning, insluitende die rol van etiek, die regulerende agtergrond en raamwerk, verbruikersbeskerming en alternatiewe geskilbeslegting in die finansiële dienstebedryf, kontraktuele en deliktuele aanspreeklikheid en relevante regspraak. Die student word ook verder bekendgestel aan die gebruik van die finansiële sakrekenaar en die uitvoering van verskeie finansiële berekenings oor die tydwaarde van geld.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die regulerende omgewing waarin die finansiële beplanner funksioneer;
- ☐ advies rakende bogenoemde en die nodige kennis om dit in die praktyk te kan uitvoer; en
- ☐ die uitvoer van verskeie finansiële berekenings oor die tydwaarde van geld en advies daarvolgens aan kliënte.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FPK112 Finansiële Beplanningspraktyk

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ praktiese kennis van die regulerende liggame te hê;
- ☐ praktiese kennis van die funksie en doel van die regulerende liggame te hê;
- ☐ die konsep “finansiële beplanner” te verstaan en te verduidelik;
- ☐ die konsepte FPI, FPSB en CFP te beskryf en te verstaan;
- ☐ praktiese kennis te hê van die verhouding tussen kliënt en finansiële beplanner;.
- ☐ Te weet hoe om met 'n kliënt te werk;
- ☐ die sesstap finansiële beplanningsproses toe te pas en te verstaan;
- ☐ in staat te wees om 'n begroting op te stel;
- ☐ in staat te wees om behoorlike skuldbestuur toe te pas;
- ☐ in staat te wees om 'n kliënt se kapitale behoeftes te bepaal; en
- ☐ die ekonomiese faktore wat spesifiek op beleggings 'n impak het, te verstaan.

Geïntegreerde kennis

- ☐ Praktiese aspekte van die regulerende liggame in die finansiële beplanningsbedryf.
- ☐ Praktiese aspekte van sekere konsepte in finansiële beplanning.
- ☐ Die praktiese toepassing van die sesstap finansiële beplanningsproses.
- ☐ Skuldbestuur.
- ☐ Begrotings.
- ☐ Kapitalebehoefteontledings.
- ☐ Ekonomiese faktore wat finansiële beplanning beïnvloed.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FPK122 Finansiële Beplanningspraktyk

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die basiese beginsels van die Wet op Mediese Fondse en die reëls daarvan prakties toe te pas;
- ☐ die basiese beginsels van gesondheidsorgbeplanning toe te pas;
- ☐ beginsels prakties op beleggingsinstrumente, -produkte en -beplanning toe te pas;
- ☐ die beginsels vir aftreefondse, -voordele en -beplanning prakties toe te pas.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Die Wet op Mediese Fondse
- ☐ Gesondheidsorgbeplanning
- ☐ Beleggingsbeplanning
- ☐ Aftreebeplanning

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FPK212 Finansiële Beplanningspraktyk

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ 'n algemene kennis te hê van die regulerende omgewing waarin finansiële beplanners beweeg;
- ☐ die bepalinge van die Wet op Advies- en Tussengangerdienste, die Wet op Georganiseerde Misdaad en die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum prakties te kan toepas;
- ☐ 'n algemene kennis te hê van persoonlike risikobestuur en versekering; en
- ☐ die bepalinge van die Langtermynversekeringswet, die Korttermynversekeringswet en die Polishouer Beskermingsreëls prakties te kan toepas.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Praktiese toepassing van die regulerende omgewing vir finansiële beplanners
- ☐ Praktiese toepassing van die Wet op Advies- en Tussengangerdienste.
- ☐ Die Wet op Georganiseerde Misdaad
- ☐ Die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum
- ☐ Die Langtermynversekeringswet
- ☐ Die Korttermynversekeringswet

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FPK 324 Finansiële Beplanningspraktyk

Beskrywing en doel van die kursus

Daar sal van studente verwag word om 'n gevallestudie in Finansiële Beplanning te voltooi. Die gevallestudie moet die regulerende omgewing, beleggingsbeplanning, gesondheidsorgbeplanning, belasting, boedelbeplanning en aftreebeplanning in ooreenstemming met die kliënt se spesifieke behoeftes verreken.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Regulerende Omgewing
- ☐ Beleggingsbeplanning
- ☐ Gesondheidsorgbeplanning
- ☐ Belasting
- ☐ Boedelbeplanning
- ☐ Aftreebeplanning

Assessering

Daar sal van studente verwag word om 'n finansiële plan te formuleer en dit vir assessering voor te lê. Die aanbieding sal sowel visueel as verbaal voor 'n paneel vakkundiges voorgedra word. Studente sal deur die semester leiding ontvang.

HRG114 Handelsreg

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ kennis van die Suid-Afrikaanse regsgeeskiedenis en die samestelling van die Suid-Afrikaanse regstelsel te toon;
- ☐ 'n verstaan van die skepping van regsreëls en die administrasie van geregtigheid in die Suid-Afrikaanse regstelsel te toon;
- ☐ 'n verstaan van die konsep regsverpligting en die algemene beginsels wat op ooreenkomste van toepassing is, te toon
- ☐ 'n agentskapsverhouding te identifiseer en die verskillende aspekte van die agentskapsverhouding te verstaan;
- ☐ die verkoopsooreenkoms en die beginsels wat op die partye betrokke by 'n verkoopsooreenkoms van toepassing, te analiseer en te verstaan;
- ☐ die huurooreenkoms en die rolle van die partye betrokke by 'n huurooreenkoms te analiseer en te verstaan;
- ☐ die inligting van 'n borgskapsooreenkoms te verstaan en die verskillende soorte borgskapsooreenkomste te analiseer; en
- ☐ die basiese beginsels van die gemenereg- en konstitusionele reg ten opsigte van werkvoorsiening te verstaan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Regsbronne
- ☐ Deliktereg
- ☐ Algemene Kontrakte
- ☐ Verkoopskontrakte
- ☐ Borgskapsooreenkomste.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

HRG124 Handelsreg

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die konsep van kollektiewe arbeidsreg, onregverdige werkspraktyke en afdankings te verstaan;
- ☐ die betekenis van alternatiewe geskilbeslegting te verstaan;
- ☐ die spesifieke versekering- en vervoerkontrakte te verstaan;
- ☐ die administrasie van boedels en insolvensie te verstaan; en
- ☐ betaalmiddele te analiseer en identifiseer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Wet op Arbeidsverhoudinge
- ☐ Vakbonde
- ☐ Privaat Arbitrasie
- ☐ Versekering- en vervoerkontrakte
- ☐ Die Administrasie van Insolvente Boedels
- ☐ Tjeks en Ander Verhandelbare Dokumente.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

HRG204 Handelsreg

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ met sekere regsbegrippe asook die oorsprong en geskiedenis van die Suid-Afrikaanse reg vertrouwd te wees;
- ☐ die beginsels rakende die Deliktereg te verstaan en krities te evalueer;
- ☐ die beginsels rakende die Kontraktereg, met spesifieke verwysing na die vereistes, kontrakbreuk en beëindiging van die kontrak, te verstaan en krities te evalueer;
- ☐ die beginsels rakende Verteenwoordigingsreg te verstaan en krities te evalueer;
- ☐ Koopreg krities te verstaan en te evalueer;
- ☐ die beginsels rakende Huurreg te verstaan en krities te evalueer;
- ☐ die beginsels rakende Kredietooreenkomste te verstaan en krities te evalueer;
- ☐ die beginsels rakende Versekeringsreg te verstaan en krities te evalueer;
- ☐ Werkaannemingsreg en Alternatiewe Geskilbeslegting te verstaan en krities te evalueer;
- ☐ Sekerheidstelling te verstaan en krities te evalueer;
- ☐ die beginsels rakende Betaalmiddele te verstaan en krities te evalueer;
- ☐ die beginsels rakende die regsaspekte van die belangrikste tipes ondernemingsvorme in die Suid-Afrikaanse reg, naamlik vennootskappe, maatskappy, beslote korporasies en besigheidstruists te verstaan en krities te evalueer;
- ☐ die beginsels rakende die Insolvensiereg te verstaan en krities te evalueer; en
- ☐ die Arbeidsreg te verstaan en krities te evalueer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Reg
- ☐ Deliktereg
- ☐ Kontraktereg
- ☐ Verteenwoordigingsreg
- ☐ Koopreg en Huurreg
- ☐ Kredietooreenkomste
- ☐ Versekeringsreg
- ☐ Werkaannemingsreg
- ☐ Alternatiewe Geskilbeslegting
- ☐ Sekerheidstelling
- ☐ Betaalmiddele
- ☐ Ondernemingsreg
- ☐ Insolvensiereg
- ☐ Arbeidsreg
- ☐ Relevante Wetgewing

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

HRG214 Handelsreg

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die vennootskap, beslote korporasie, maatskappy en besigheidstrust as ondernemingsvorme te kan identifiseer en onderskei;
- ☐ die regsbeginsele onderliggend aan die ondernemingsvorme in die Suid-Afrikaanse reg te verduidelik en prakties toe te pas; en
- ☐ die rol, verantwoordelikhede en aanspreeklikheid van ouditeure, veral met betrekking tot maatskappe, te verduidelik en te evalueer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Oprigting van Ondernemings deur Kontrakte of Registrasie
- ☐ Toepaslik Wetgewing
- ☐ Regspraak

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

HRO314 Verbruikers- en Versekeringsreg

Die module HRO314 Verbruikers- en Versekeringsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word aan die basiese grondbeginsele en konsepte van Verbruikers- en Versekeringsreg en die praktiese implikasies daarvan bekendgestel.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsele te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Verbruikersbeskerming; en
- ☐ Versekeringsreg;
- ☐ .

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

HTR314 Besigheidstrust-reg

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om :

- ☐ die partye van 'n trust en die mag en pligte waaroor elke party beskik, te identifiseer;
- ☐ kortliks die aanstelling van trustees te bespreek;
- ☐ die proses ten einde 'n trustee geldig aan te stel, te verorden;
- ☐ te bespreek of 'n persoon 'n geldige handeling namens die trust mag uitvoer voordat s/hy as 'n trustee aangestel is;
- ☐ die persoonlike aanspreeklikheid van 'n trustee te bespreek;
- ☐ 'n lys te maak van die maniere waarop trusteeskap beëindig kan word;
- ☐ bespreek of 'n trust 'n begunstigde in terme van 'n testament mag wees;
- ☐ die onderskeie soorte trusts te identifiseer en die wetlike aard van die verskillende soorte trusts te bespreek;
- ☐ die verskillende soorte trusts in finansiële beplanning te gebruik;
- ☐ aan te dui of 'n trust oorweeg word as 'n 'persoon' en die "eienaarskap" van trusteeiendom te bespreek;
- ☐ wysigings en veranderings aan 'n trustakte aanbring;
- ☐ met gebruik van voorbeelde die voordele van 'n trust in finansiële beplanning te verduidelik;
- ☐ met gebruik van voorbeelde die nadele van 'n trust in finansiële beplanning te verduidelik;
- ☐ die voor- en nadele van 'n trust in die finansiële beplanningsproses op 'n gevallestudie toe te pas;
- ☐ die implikasies van kapitaalwinstbelasting in 'n gevestigde trust te bespreek en te bereken;
- ☐ kapitaalwinstbelasting in 'n diskresionêre trust te bespreek en te bereken;
- ☐ die verwantepersoneel wat met 'n trust en kapitaalwinstbelasting verband hou, te bespreek;
- ☐ die kapitaalwinst wat aan die volgende toegeskryf word, te bereken:
 - 'n gade;
 - 'n ouer van 'n minderjarige kind;
 - onderworpe aan voorwaardelike vestiging van regte;
 - onderworpe aan herroepbare vestiging van regte;
 - gevestig in 'n nie-inwoner;
 - buitelandse trusts; en
 - trust begunstigde;
- ☐ Artikel 7 van die Wet op Inkomstebelasting toe te pas;
- ☐ te bespreek wanneer winste as 'n ander s'n geag word;
- ☐ Artikel 25B van die Wet op Inkomstebelasting op die volgende toe te pas:
 - geleidingspypbeginsel;
 - aftrekkings ten opsigte van trustinkomste;
 - kapitale verdeling van afluende trusts; en
 - geagte rente van afluende lenings;
- ☐ kortliks die reël teen ewigdurende regte en die reël teen onvervreemdbaarheid te verduidelik;
- ☐ die oordragkoste-implikasies wat met trusteeiendom verband hou, te bereken;
- ☐ kortliks die bepaling van Artikel 25B en paragraaf 80 van die Wet op Inkomstebelasting, wat met buitelandse trusts en Suid-Afrikaanse belasting verband hou, te bespreek;

- ☐ die werking van Kollektiewe Beleggingskemas en Trustmaatskappye te verstaan; en
- ☐ Kollektiewe Beleggingskemas in Finansiële Beplanning te implementeer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

HTR314 sal opsommenderwys die volgende behandel:

- ☐ die reg wat op trusts betrekking het;
- ☐ die aard van 'n trust;
- ☐ die partye tot 'n trust en die pligte en bevoegdheid van die partye;
- ☐ belastingimplikasies van trusts; en
- ☐ trusts en finansiële beplanning.

Die doel met hierdie kursus is om die student met die bogenoemde onderwerpe en ook met die toepassing in die praktyk vertrouwd te maak. Ten einde hierdie doel te bereik, word daar van formele lesings, elektroniese skyfies, handboeke, wetgewing, besprekings oor regspraak en artikels en selfstudie gebruik gemaak.

IER414 Internasionale Ekonomiese Reg

Die module IER414 Internasionale Ekonomiese Reg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die module is gerig op die verwerwing van 'n breë kennis ten aansien van internasionale koopreg as kardinale aspek van die Internasionale Ekonomiese Reg.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om die volgende te hanteer:

- ☐ internasionale koopkontrakte;
- ☐ internasionale verdrae ten aansien van internasionale koop-transaksies; en
- ☐ geskilbeslegting.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

ILR114 Inleiding tot die Regswetenskap

Die module ILR114 Inleiding tot die Regswetenskap (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Inleiding tot die Regswetenskap stel studente aan 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse regstelsel bekend. ILR114 fokus op basiese beginsels van die reg; 'n oorsig oor die Suid-Afrikaanse regsgegeskiedenis; bronne van die Suid-Afrikaanse reg; 'n indeling van die reg; basiese aspekte van privaatreë, siviele prosesreg en strafreg en praktiese regsvaardighede.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die basiese beginsels van die Suid-Afrikaanse reg;
- ☐ die historiese agtergrond van die Suid-Afrikaanse reg;
- ☐ die bronne van die Suid-Afrikaanse reg;
- ☐ die indeling en funksionering van die Suid-Afrikaanse reg;
- ☐ Die beginsels van privaatreë, siviele prosesreg en strafreg;
- ☐ die werking van die Suid-Afrikaanse hof; en
- ☐ basiese regsnavorsing en ander praktiese regsvaardighede.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke, semestertoetse) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die uitkomst bereik het.

ILR124 Inleiding tot die Regswetenskap

Die module ILR124 Inleiding tot die Regswetenskap (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Inleiding tot die Regswetenskap stel studente aan 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse regstelsel bekend. ILR124 fokus op basiese beginsels van die reg; beginsels van stafproses- en bewysreg, die reg en die sakewêreld, die jurisdiksie en werking van Suid-Afrikaanse howe en alternatiewe geskilbeslegting; 'n oorsig oor die Suid-Afrikaanse Grondwet; die regsberoep; regsvergelyking; regstaal en kommunikasie; regsargumente en logika; verskillende perspektiewe op die reg; MIV/VIGS en die reg en regsnavorsing.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die basiese beginsels van die Suid-Afrikaanse reg;
- ☐ die beginsels van die Strafprosesreg en Bewysreg;
- ☐ die werking van kontrakte en verskillende vorme van sake doen;
- ☐ die jurisdiksie en werking van gewone howe, die Konstitusionele Hof, spesiale howe en alternatiewe geskilbeslegting;
- ☐ soorte grondwette, die Suid-Afrikaanse grondwetgeskiedenis, die finale grondwet van 1996 en menseregte;
- ☐ verskillende regsberoep in die privaat- en openbare sektor;
- ☐ redes vir regsvergelyking en verskillende regstelsels;
- ☐ regstaal en kommunikasie;
- ☐ regsargumente en logika;
- ☐ verskillende filosofiese perspektiewe op die reg;
- ☐ MIV/VIGS en die reg; en
- ☐ regsvaardighede en praktiese beginsels vir regsnavorsing.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke, semestertoetse) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

INR424 Internasionale Reg

Die module INR424 Internasionale Reg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die doel met die module is om studente toe te rus met kennis insake:

- ☐ die wyse waarop die Internasionale Publiekreg gevorm en afgedwing word; en
- ☐ die regte en verpligtinge van state as lede van die internasionale gemeenskap.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Historiese oorsig
- ☐ Regsvorming
- ☐ Afdwinging.
- ☐ Erkenning van state en regerings
- ☐ Jurisdiksie
- ☐ Uitlewering
- ☐ Immunititeit
- ☐ Verantwoordelikhede van state
- ☐ Internasionale en streeksorganisasies
- ☐ Internasionale menseregte: handveste en meganismes
- ☐ Humanitêre reg

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die aard van regsprobleme in die internasionale reg te verstaan
- ☐ die korrekte beginsels ten aansien van sodanige probleme toe te pas.
- ☐ vrae in hierdie verband op logies-geïntegreerde wyse te beantwoord; en
- ☐ effektief van 'n verskeidenheid regsbronne gebruik te maak.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

IPR414 Internasionale Privaatreg

Die module IPR414 Internasionale Privaatreg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die ontstaan van 'n internasionaal privaatregtelike probleem te identifiseer;
- ☐ die terminologie en soorte internasionale privaatregeëls toe te pas;
- ☐ die opeenvolgende stadiums in 'n internasionale privaatregtelike geskil te bepaal;
- ☐ konseptuele probleme in die Internasionale Privaatreg op te los;
- ☐ die bepaling en bewys van vreemde reg toe te pas;
- ☐ die verwysingspunte in die verskillende kategorieë probleemgebiede te identifiseer en toe te pas;
- ☐ die oplossingsmoontlikhede aan die hand van die *leges causae* vas te stel; en
- ☐ die materiële oplossing vir 'n internasionale privaatregtelike geding in die finale plek te verskaf.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Inleiding tot die Internasionale Privaatreg
- ☐ Klassifikasie
- ☐ Leerstuk van *Renvoi*
- ☐ *Capita Selecta* uit die Internasionale Privaatreg, o.a. die Personereg, Familiereg, Kontraktereg, Deliktereg, Sakereg en Erfreg
- ☐ *Leges causae*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ regsprobleme waar verskillende lande se regstelsels ter sprake is, te identifiseer.
- ☐ vreemde reg deur middel van die verwysingsbegrip en -reël te bepaal;
- ☐ vreemde reg te bewys; en
- ☐ probleme rakende privaatregtelike aspekte met vreemde feite met behulp van internasionale privaatregtelike reëls en materiële reg op te los.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

KON214 Kontraktereg

Die module KON214 Kontraktereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Kontraktereg is 'n onderafdeling van die Privaatreg, wat die student voorberei op 'n handel- en regsêreld wat hoofsaaklik deur kontrakte gereuleer word. Die module sal die student in staat stel om te bepaal watter dokument 'n geldige kontrak daar sal stel en watter vereistes aan die ontstaan van 'n geldige kontrak gekoppel word.

Die tweede gedeelte van die kursus handel oor kontrakbreuk, en in groter besonderhede watter handelinge kontrakbreuk daarstel, asook die remedies wat vir die verskillende vorme van kontrakbreuk beskikbaar is. Ten slotte stel die kursus die student in staat om geïntegreerde kennis rakende die regte en verpligtinge van kontraktante op te doen, en wanneer sodanige regte en verpligtinge oorgedra word.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ die ontstaanvereistes vir geldige kontrakte, waaronder verskillende teorieë vir die bepaling van wilsooreenstemming, asook die plek en tyd van die ontstaan van 'n kontrak;
- ☐ die verskillende vorme van kontrakbreuk, hulle vereistes en gevolge;
- ☐ die moontlike remedies na kontrakbreuk; en
- ☐ die voldoening aan en oorgang van regte en verpligtinge in terme van kontrakte.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

LIR424 Insolvensie- en Likwidasiereg

Die module LIR424 Insolvensie- en Likwidasiereg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Insolvensiereg is 'n onderafdeling van die Handelsreg, wat die student op 'n beroep in of ter ondersteuning van die handel voorberei. Die module sal die student in staat stel om kliënte, skuldeisers of skuldenaars, wat by insolvente boedels betrokke is, van die beste advies te bedien.

Om daartoe in staat te wees, is dit noodsaaklik dat die student met die basiese beginsels van die Insolvensiereg kennis maak en 'n goeie wetenskaplike agtergrond vir die toepassing daarvan opbou. Likwidasiereg bestaan uit likwidasie en verwante onderwerpe uit die Maatskappyereg, Beslote Korporasiereg en Vennootskapsreg. Die doel van die module is om die student vertrouwd te maak met die regsbeginne onderliggend aan hierdie prosesse en ondernemings-vorme, asook hoe dit prakties aanwending sal vind.

Die module bied verder perspektief op die regswetenskap as geheel, byvoorbeeld oor die toepassing van die beginne van handelingsbevoegdheid en trouverhoudinge, verbintenisse, regspraaklikheid en vorderingsregte.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis insake die volgende te toon:

- ☐ inleiding tot die Insolvensiereg.
- ☐ die sekwestrasieproses;
- ☐ die uitwerking van sekwestrasie;
- ☐ die regte van skuldeisers;
- ☐ kuratorskap;
- ☐ die beredderingsproses;
- ☐ akkoord en rehabilitasie;
- ☐ geregtelike bepalings;
- ☐ bepalings oor ondernemingsvorme;
- ☐ vennootskappe;
- ☐ trusts;
- ☐ maatskappye;
- ☐ beslote korporasies; en
- ☐ reddingskemas.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

MCR424 Immaterieelgoederereg

Die module MCR424 Immaterieelgoederereg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekendgestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van **Immaterieelgoederereg**. Die kursus het ten doel om studente te lei in die regsbeginsels wat die onderlinge verhouding tussen individue ten opsigte van geestes skeppings reël. Studente word in staat gestel om probleme in die veld van Immaterieelgoederereg te identifiseer en dit deur die praktiese toepassing van Immaterieelgoederereg beginsels op te los.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente verwerf ook kennis aangaande die volgende:

- ☐ outeursreg;
- ☐ handelsmerke;
- ☐ modelle; en
- ☐ patente.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

MDF414 Medicina Forensis

Die module MDF414 Medicina Forensis (16 krediete) word in die Departement Straf- en Geneeskundige Reg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Suksesvolle studente sal in staat wees om vasgestelde aspekte rakende die Geneeskundige Reg, wat in geen ander vakgebied in die regsprofessionele opleidingsprogram hanteer word nie, onder die knie te kry, onder andere:

- ☐ om regsetiese vraagstukke te identifiseer;
- ☐ om sodanige regsetiese vraagstukke te kan oplos of kliënte daarvoor te kan adviseer; en
- ☐ om die praktiese implikasie van die grondwet voortdurend in ag te neem.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Geneeskundige Reg:

- ☐ die Suid-Afrikaanse regstelsel soos dit op die Geneeskundige Reg betrekking het;
- ☐ kontraktuele verhoudings tussen geneesheer en pasiënt;
- ☐ kontraktuele verhoudings tussen geneesheer onderling;
- ☐ toestemming tot behandeling;
- ☐ die skending van die pasiënt se reg op privaatheid;
- ☐ die geneesheer as deskundige getuie in die hof;
- ☐ genadedood;
- ☐ geslagsverandering;
- ☐ kindermishandeling;
- ☐ geneesheer, pasiënt en VIGS; en
- ☐ mediese rekords.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

MDF424 Medicina Forensis

Die module MDF424 Medicina Forensis (16 krediete) word in die Departement Straf- en Geneeskundige Reg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om vasgestelde aspekte rakende die Geneeskundige Reg, wat in geen ander vakgebied in die regsprofessionele opleidingsprogram hanteer word nie, onder die knie te kry, onder andere:

- ☐ om regsetiese vraagstukke te identifiseer;
- ☐ om sodanige regsetiese vraagstukke te kan oplos of kliënte daarvoor te kan adviseer; en
- ☐ om die praktiese implikasie van die grondwet voortdurend in ag te neem.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Geneeskundige Reg:

- ☐ nalatige wanpraktyke;
- ☐ alkohol en verwante aspekte;
- ☐ regulering van gifstowwe;
- ☐ persone in aanhouding en beweerde marteling; en
- ☐ regsgeneeskundige nadoodse ondersoeke, geregtelike doods-ondersoeke en uitreiking van doodsertifikate.

Geregtelike Geneeskunde:

- ☐ inleiding;
- ☐ dood en die veranderinge wat daarmee gepaard gaan;
- ☐ kindermishandeling/skielike-onverwagte-sterfte-sindroom;
- ☐ geregtelike implikasies wat met swangerskap verband hou;
- ☐ verkragting;
- ☐ verkeersongelukke;
- ☐ statutêre aspekte van die Geregtelike Geneeskunde;
- ☐ diverse aspekte van die Geregtelike Geneeskunde;
- ☐ hipertermie;
- ☐ respiratoriese obstruksie/asfiksie;
- ☐ algemene traumatologie;
- ☐ buikbeserings;
- ☐ hoofbeserings;
- ☐ skietwonde/beserings in ontploffings; en
- ☐ etielalkohol.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

MMF424 Derdepartyvergoedingsreg

Die module MMF424 Derdepartyvergoedingsreg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekendgestel aan die algemene regsbeginnels van derdepartyvergoedingsreg en die praktiese toepassing daarvan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die vereistes vir aanspreeklikheid in die geval van geïdentifiseerde eise, sowel as tref-en-trap-botsings;
- ☐ uitsluiting van aanspreeklikheid;
- ☐ berekening en beperking van verhaalbare skade;
- ☐ verjaring en hantering van eise;
- ☐ die regresreg van die Padongelukkefonds; en
- ☐ die invloed van die Wysigingswet op die Padongelukfonds, 19 van 2005, op die instel van derdepartyreise.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

OGR424 Omgewingsreg

Die module OGR424 Omgewingsreg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekendgestel word aan die basiese grondbeginnels en konsepte van die Omgewingsreg, die vernaamste omgewingswetgewing en die praktiese implikasies daarvan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te verstaan en krities te evalueer, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die aard en inhoud van die Omgewingsreg;
- ☐ nasionale en internasionale bronne van die Omgewingsreg;
- ☐ die grondwetlike reg op die omgewing;
- ☐ raamwerkwetgewing op die omgewing;
- ☐ die reg met betrekking tot bepaalde omgewingstemas, soos natuurbewaring, water- en lugbesoedeling, afvalbestuur en mynbou; en
- ☐ die algemene beginsels van afvalbestuur.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

ONR314 Ondernemingsvormereg

Die module ONR314 Ondernemingsvormereg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekendgestel word aan die basiese grondbeginsels en konsepte in die Ondernemingsvormereg (Vennootskapsreg, Beslote Korporasierereg en die reg aangaande handeldrywende trusts en stokvels) en die praktiese implikasies daarvan met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis van die basiese begrippe en beginsels van die Ondernemingsvormereg te toon, met verwysing na die volgende:

- ☐ die vennootskap as regsfiguur en as ondernemingsvorm;
- ☐ oprigting van die vennootskap;
- ☐ die interne en die eksterne verhouding in die vennootskap;
- ☐ ontbinding van die vennootskap;
- ☐ die beslote korporasie as regsfiguur en as ondernemingsvorm;
- ☐ oprigting van die beslote korporasie;
- ☐ die interne en eksterne verhouding in die beslote korporasie;
- ☐ die handeldrywende trust as regsfiguur en ondernemingsvorm; en
- ☐ die stokvel as regsfiguur en ondernemingsvorm.

Die student sal leer om hierdie basiese begrippe en beginsels met bepaalde regsvaardighede te integreer.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

ONR324 Ondernemingsvormereg

Die module ONR324 Ondernemingsvormereg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekendgestel word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Ondernemingsvormereg (Maatskappyereg) en die praktiese implikasies daarvan met voortdurende verwysing na sowel regshervorming as die grondwetlike impak.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis van die basiese begrippe en beginsels van die Ondernemingsvormereg te toon, met verwysing na die volgende:

- ☐ die maatskappy as regsfiguur en as ondernemingsvorm;
- ☐ oprigting van die maatskappy;
- ☐ die interne verhoudings (insluitend aandeelhouers, direkteure, bestuur) in die maatskappy;
- ☐ die eksterne verhoudings in die maatskappy;
- ☐ die ontbinding en deregistrasie van die maatskappy; en
- ☐ die ontwikkeling van die maatskappyereg.

Die student sal leer om hierdie basiese begrippe en beginsels met bepaalde regsvaardighede te integreer.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

PBR314 Publiekreg

Die module PBR314 Publiekreg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Suksesvolle studente sal toegerus wees met spesialiskennis en -vermoëns in die veld van die Publiekreg, fundamentele menseregte en konstitusionele organisasiereg.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ te weet en te verstaan wat met Publiekereg en Konstitusionele Reg bedoel word;
- ☐ die Konstitusionele geskiedenis van Suid-Afrika te ken;
- ☐ die basiese beginsels/waardes van die Nuwe Grondwetorde te verstaan;
- ☐ die bronne van die Staatsreg te ken;
- ☐ die begrip "menseregte", sowel as die verskillende teorieë rakende die interpretasie van die Handves van Menseregte te verstaan;
- ☐ die toepassing van menseregte te ken en te verstaan;
- ☐ met drie belangrike menseregte wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet verskans is, nl. die reg op lewe, godsdiensvryheid en die reg op vryheid van spraak bekend te wees;
- ☐ die regverdigbare beperking van regte te verstaan en toe te pas; en
- ☐ die basiese begrippe van die Organisasiereg te verstaan, veral en meer spesifiek, die samewerking tussen verskillende sfere van die regering; die wetgewende en uitvoerende bevoegdhede binne nasionale, provinsiale en plaaslike sfere van die regering; sowel as die konflik van wetgewing tussen verskillende sfere van die regering.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

PBR324 Publiekreg

Die module PBR324 Publiekreg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word ingelei in die basiese en grondslagleggende beginsels, konsepte en denkebeelde van die Administratiefreg en die basiese tegnieke by die oplossing van probleme met betrekking tot administratiewe geregtigheid en administratiewe legaliteit met spesifieke verwysing na die Grondwet.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis te verwerf van konsepte, idees en beginsels, asook probleme te identifiseer en op te los met betrekking tot:

- ☐ bronne van die Administratiefreg;
- ☐ administratiewe geregtigheid in die konstitusionele sfeer;
- ☐ administratiewe legaliteit;
- ☐ staatsaanspreeklikheid; en
- ☐ die Administratiewe Prosesreg.

Assessering

Sowel formatiewe metodes (deur middel van toetse en werkstukke) as summatiewe metodes (eksamens), word geïmplementeer ten einde te bepaal of die studente die vereiste uitkomst bereik het.

PBR414 Publiekreg

Die module PBR414 Publiekreg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekendgestel word aan geselekteerde onderwerpe uit die Publiekreg ten einde hulle in staat te stel om die toepaslike regsbeginsels krities te evalueer en toe te pas.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die reg op eiendom en grondhervormingswetgewing;
- ☐ die reg op inligting en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting;
- ☐ die reg op gelykheid, die Wet op Gelyke Indiensneming, die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, asook wetgewing insake swart ekonomiese bemagtiging;
- ☐ geselekteerde tweedegenerasieregte; en
- ☐ die reg op administratiewe geregtigheid en die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

PBR424 Publiekreg

Die module PBR424 Publiekreg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekendgestel word aan geselekteerde onderwerpe uit die Publiekreg ten einde hulle in staat te stel om die toepaslike regsbeginsels krities te evalueer en toe te pas.

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die reg op eiendom en grondhervormingswetgewing;
- ☐ die reg op inligting en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting;
- ☐ die reg op gelykheid, die Wet op Gelyke Indiensneming, die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie en wetgewing insake swart ekonomiese bemagtiging;
- ☐ geselekteerde tweedegenerasieregte; en
- ☐ die reg op administratiewe geregtigheid en die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

PSN114 Personereg

Die module PSN114 Personereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal toegerus word met spesialiskennis op die gebied van die Personereg.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die definisie van konsepte wat op die positiewe reg, subjektiewe regte, bevoegdheid en regs subjektiewe status betrekking het;
- ☐ die ontstaan en beëindiging van regs subjektiwiteit;
- ☐ die inhoud en omvang van regs subjektiwiteit; en
- ☐ faktore wat regstatus beïnvloed.

Al bogenoemde word gedoen met inagneming van grondwetlike waardes.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

PVR224 Praktiese Versekeringsreg

Die module PVR224 Praktiese Versekeringsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van die kursus

Studente sal bekendgestel word aan die basiese beginsels van die Versekeringsreg. Die doel van die kursus is daarop gemik om die studente toe te rus om basiese konsepte soos partye tot die kontrak, die regte van die partye tot die kontrak, begunstigde nominasies onder die kontrak, sessies en subrogasie, sowel as die praktiese toepassing en gebruik van versekeringskontrakte in ooreenstemming met die kliënt se spesifieke benodighede te verstaan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om die beginsels en konsepte bymekaar te maak, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer betreffende

- ☐ die Wet op Langtermynversekering;
- ☐ die Wet op Korttermynversekering;
- ☐ die inhoud van die versekeringskontrak;
- ☐ die partye tot die versekeringskontrak;
- ☐ begunstigde klousules en genomineerde begunstigdes;
- ☐ die implikasies van 'n gebeurtenis onder 'n versekeringskontrak; en
- ☐ die administrasie van die toepassing van die eis.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RGK114 Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg

Die module RGK114 Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om die bronne en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse reg te identifiseer, te bespreek en krities te evalueer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ insig in die sosiale en historiese ontstaan en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse reg; en
- ☐ die vermoë om moontlike toekomstige regsontwikkelinge aan die hand van die historiese grondslae van die Suid-Afrikaanse reg te verduidelik.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RGL414 Regsleer

Die module RGL414 Regsleer (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word ingelei in die basiese en grondliggende beginsels, konsepte en denkbeelde van regsideologie, jurisprudence en regsteorie met betrekking tot:

- ☐ die reg en statisme;
- ☐ die reg en die internasionalisering van menseregte jurisprudence;
- ☐ die reg en religie;
- ☐ die reg en die grondslae van sosiale kontrakdenke en menseregte jurisprudence;
- ☐ die reg en die ideologiese onderbou van geregtigheid; en
- ☐ die reg en die oorsprong van legalisme en juridiese positivisme.

Studente word voorts bemagtig om die implikasies van verskillende problematiese judisiële benaderings en teorieë tot die toepassing van die reg en geregtigheid te evalueer met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konstitusionele staat en die ideologiese benaderings tot die regbank.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis te verwerf van konsepte, idees en beginsels, probleme te identifiseer en op te los met betrekking tot:

- ☐ die ideologiese inhoud van die reg;
- ☐ die mees invloedryke ideologiese benaderings tot reg en geregtigheid;
- ☐ die onderskeie modelle met betrekking tot geregtigheid en die praktiese implikasies daarvan vir die samelewing;
- ☐ menseregte en die filosofiese inhoud daarvan;
- ☐ 'n kritiese analise van die positivistiese jurisprudence; en
- ☐ die etiese verfyning van die reg en geregtigheid.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RGL424 Regsleer

Die module RGL424 Regsleer (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word in die basiese en grondliggende beginsels, konsepte en denke van die reg ingelei. Dit sluit die volgende in: benaderings dat die reg morele inhoud het; geregtigheid en privaat eiendom; positivisme en amoraliteit; geregtigheid en die reg op verset; subjektivisme, objektivisme en die morele inhoud van die reg soos gereflekteer in die jurisprudensiële modelle van juridiese hermeneutiek en dekonstruksie; kommunitarisme versus liberalisme; feminisme en die reg; konstitusionalisme en die "critical legal studies-benadering"; liberalisme, libertinisme en sosialisme; Dworkin se paradigma van rekonstruksie en die regbank; en Amerikaanse realisme en die rol van menseregte en geregtigheid in die regstelsel.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis te verwerf van konsepte, idees en beginsels, probleme te identifiseer en op te los met betrekking tot:

- ☐ die reg en moraliteit;
- ☐ die jurisprudensiële implikasies van geregtigheidsbewuste denke en natuurlike regte;
- ☐ geregtigheid en privaat eiendom;
- ☐ die reg en vryheid;
- ☐ die reg en sosiale geregtigheid;
- ☐ die reg, soewereiniteit en die staat;
- ☐ die reg, die gemeenskap en rekonstruksie;
- ☐ die regsproses; en
- ☐ konseptuele denke in die reg met besondere verwysing na die Suid-Afrikaanse konstitusionele staat.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

ROR124 Romeinsregtelike Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg

Die module ROR124 Romeinsregtelike Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die module het ten doel om die grondbeginsels van die Romeinse Privaatreg asook die toepaslike prosesreg-reëls by die student tuis te bring om sodoende veral studente se insig in en perspektiewe op eietydse sakereg, verbintenisreg, erfreg en prosesreg te verbreed en verdiep.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student word bekendgestel aan die Romeinse:

- ☐ Personereg
- ☐ Erfreg
- ☐ Sakereg
- ☐ Prosesreg
- ☐ Verbintenisreg

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RPK112 Regspraktyk

Die module RPK112 Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die behoefte aan professionele etiek te begryp;
- ☐ professionele etiek te definieer;
- ☐ die struktuur van en toelating tot die georganiseerde professie te beskryf;
- ☐ die belang van die Getrouheidswaarborgfonds te verstaan;
- ☐ die basiese beginsels van toepassing op die verhouding tussen prokureur en kliënt te bespreek;
- ☐ die etiese kode vir studente te analiseer;
- ☐ die FIRAC-model op 'n feitelystel te kan toepas;
- ☐ basiese bewerkings te doen wat algemeen in die regsprofessie gebruik word.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student sal in staat wees om die volgende vaardighede te bemeester:

- ☐ die FIRAC-model;
- ☐ skryfvaardighede; en
- ☐ numeriese vaardighede.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RPK122 Regspraktyk

Die module RPK122 Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ 'n regsopinie te skryf;
- ☐ tussen 'n regsopinie en betoogshoofde te onderskei;
- ☐ 'n kort mondelinge betoog te lewer;
- ☐ verwysings volgens die Tydskrif vir Regswetenskap se voorskrifte te doen.
- ☐ 'n onderhoud met 'n kliënt te voer;
- ☐ 'n basiese brief vir 'n kliënt te skryf; en
- ☐ 'n beëdigde verklaring op te stel.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student sal in staat wees om die volgende vaardighede te bemeester:

- ☐ Die FIRAC-model
- ☐ Skryfvaardighede
- ☐ Kommunikasievaardighede
- ☐ Betooigvaardighede
- ☐ Onderhoudvaardighede
- ☐ Navorsingsvaardighede

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RPK214 Regspraktyk

Die module RPK214 Regspraktyk (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van rekenaarvaardighede en skryfvaardighede bekendgestel. Die kursus het ten doel om studente deur middel van die gebruik van regsverwante vakinhoud in basiese rekenaarvaardighede en skryfvaardighede toe te rus.

Om die basiese vaardigheidsvereistes vir 'n regsgegradueerde te bereik en vas te lê, word formele lesings, besprekings van hofsake, groepwerk, individuele opdragte en assessering gebruik.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student moet die volgende rekenaarvaardighede bemeester:

- ☐ muis- en sleutelbordvaardigheid;
- ☐ "Windows";
- ☐ basiese en gevorderde "Word";
- ☐ "Excel";
- ☐ "PowerPoint";
- ☐ die gebruik van bronne, wat insluit hardekopie-soektogte;
- ☐ internetgebruik, wat insluit 'n oorsig, toekoms, verandering, navigasie, evaluering, regswebwerwe, e-pos;
- ☐ databasisse wat insluit soekstrategie, "Kovsiekat", "Kovsie-dex", "SA Studies", "Index to Legal Periodicals";
- ☐ die samestelling van regsdokumentasie.

Aandag word in die besonder geskenk aan:

- (1) die gebruik van eenvoudige taal in skryfwerk;
- (2) riglyne soos basiese formaat, skryfstyl, klem en doel van dokumente;
- (3) reëls om in ag te neem om te verduidelik wat werklik bedoel word;
- (4) oortuigende en voorspellende regskryfwerk; en
- (5) aspekte van regsopstelwerk.

Assessering

Soewel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het, met die klem op skriftelike opdragte gebaseer op klas-aktiwiteite soos in die lesings bepaal.

RPK312 Regspraktyk

Die module RPK312 Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

Die suksesvolle voltooiing van ARR214 en ARR224 is 'n voorvereiste.

Beskrywing en doel van kursus

Die doel is om studente toe te rus om die arbeidsreg prakties te kan toepas en die module bestaan uit die volgende:

- ☐ die opstel van 'n dienskontrak en die onderskeid tussen verwante ooreenkomste;
- ☐ die opstel van grieweprosedure en dissiplinêre kodes;
- ☐ die verwysing van 'n geskil vir beslegting;
- ☐ die voltooi en opstel van dokumentasie;
- ☐ KVBA-litigasie;
- ☐ die toepassing van die Wet op Gelyke Indiensneming; en
- ☐ die opstel van 'n regstellende-aksieplan en -verslag.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om die arbeidsreg prakties toe te pas deur probleme te identifiseer en oplossings aan die hand van wetgewing en regspraak te formuleer. Studente behoort dienskontrakte, kodes en aansoeke te kan opstel, KVBA dokumentasie behoorlik te kan voltooi en 'n volledige uiteensetting van die dissiplinêre proses te kan gee.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RPK322 Regspraktyk

Die module RPK322 Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die kursus bestaan uit twee dele. Die eerste deel het ten doel om studente op die skryf van die mini-skripsie (RSK424) voor te berei en behels die voorbereiding en registrasie van 'n titel vir die mini-skripsie en die navorsing en skryf van die mini-skripsie. Die tweede deel van die kursus bou voort op etiek en professionele gedrag waaraan die student in die eerste studiejaar inleidend blootgestel is.

Doel (1) – Studente word aan die vereistes vir die doen van regsnavorsing bekendgestel en in die besonder voorberei om die mini-skripsie, 'n vereiste vir die graad LLB, te voltooi. Doel (2) – Studente word verder aan die verpligtinge van die regspraktisyn bekendgestel, spesifiek met verwysing na verpligtinge voortvloeiend uit haar/sy verhouding met die kliënt, die hof, die publiek, die professionele liggame en kollegas.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ vereistes vir registrasie van navorsingstitel;
- ☐ identifisering van navorsingstitel;
- ☐ navorsing en die skryf van die mini-skripsie; en
- ☐ die inhoud en praktiese toepassing van die regspraktisyn se professionele verantwoordelikheid teenoor die kliënt, die staat, die hof, die publiek, die professionele liggame en kollegas.

Assessering

Sowel formatiewe (n werkstuk en navorsingsvoortstel) as summatiewe (finale eksamen) assesseringsmetode sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RPK412 Regspraktyk

Die module RPK412 Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die kursus bestaan uit die volgende afdelings:

- ☐ konsultasievaardighede;
- ☐ die skryf van regsbriefe;
- ☐ die opstel van kennisgewings en pleitstukke; en
- ☐ praktykbestuur.

Die onderskeie doelstellings van die afdelings is om:

- ☐ die student toe te rus om deeglik te konsulteer;
- ☐ die student toe te rus om 'n professionele prokureursbrief te skryf;
- ☐ die student toe te rus om basiese regskennisgewings en pleitstukke op te stel; en
- ☐ die student toe te rus met kennis en vaardighede wat vir praktykbestuur nodig is.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ die doel van kliëntekonsultasies;
- ☐ die struktuur van 'n konsultasie;
- ☐ die doel van prokureursbriefe;
- ☐ die struktuur van prokureursbriefe;
- ☐ die doel van pleitstukke en kennisgewings;
- ☐ die struktuur van pleitstukke en kennisgewings;
- ☐ die doel van praktykbestuur; en
- ☐ die verskillende fasette van praktykbestuur.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke en die doen van praktiese werk by die UV se Regskliniek) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RPL224 Regspluralisme

Die module RPL224 Regspluralisme (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Kennis van Inleiding tot die Reg, Personereg, Familiereg en Erfreg word veronderstel.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Regspluralisme en die praktiese toepassing daarvan met verwysing na die invloed van die Grondwet bekendgestel.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die basiese kenmerke, historiese oorsig en erkenning van regs-pluralisme en gewoontereg;
- ☐ die verskaffing van basiese regsadvies rakende die grondwetlike implikasies van gewoontereg;
- ☐ die korrekte hantering van interne regsconflik;
- ☐ die toepassing van die gewoontereg op privaatregtelike aan-geleenthede, nl.:
 - Personereg;
 - Familiereg en siviele huwelike;
 - Deliktereg;
 - Opvolgingsreg; en
 - Kontrakte- en Sakereg;
- ☐ begrip vir die rol van tradisionele leiers;
- ☐ die gebruik van gewoonteregtelike hofstrukture; en
- ☐ kennis insake die algemene grondslae van en huweliksreg in godsdienstige regstelsels.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RPK422 Regspraktyk

Die module RPK422 Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die kursus handel oor praktiese egskeidingslitigasie. Dit bevestig die bestaande kennis wat die student tydens die eerste studiejaar in Familiereg opgedoen het en gaan dan verder om die student in staat te stel om familiereg in die verskillende fasette van egskeidingspraktyk prakties toe te pas.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ die keuse van huwelik of verbintenis;
- ☐ die gevolge van huweliksgoederebedelings;
- ☐ die verandering van huweliksgoederebedelings;
- ☐ jurisdiksie in egskeidings en egskeidingsaangeleenthede;
- ☐ die gronde vir egskeiding;
- ☐ verdeling/oordrag van bates;
- ☐ beheer en toesig;
- ☐ onderhoud;
- ☐ pleitstukke en kennisgewings wat in die egskeidingsaksie en verwante verrigtinge gebruik word;
- ☐ voorbereiding vir die verhoor van die bestrede egskeiding; en
- ☐ advies ná egskeiding.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke en die doen van praktiese werk by die UV se Regskliniek) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RSK424 (Skripsie {± 20 getikte bladsye})

Die skripsie moet in die finale jaar van die LLB voltooi word. Enige titel/onderwerp binne die reg kan in oorleg met die betrokke studieleier nagevors word.

Assessering

Interne- en eksterne eksaminering/moderering.

RVD134 Regsvaardighede

Die module RVD134 Regsvaardighede (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Om in die algemeen die studente in die vyfjaar LLB-kursus van 'n oorbruggingskursus tussen skool en universiteit te voorsien en te konsentreer op die basiese vaardighede wat vir regstudie en regspraktyk vereis word.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ 'n begrip van spesifieke skryfvaardighede ten aansien van die opstel van 'n regsdokumente te toon;
- ☐ 'n begrip en toepassing van numeriese vaardighede van toepassing op die regspraktyk te toon;
- ☐ bevoegdheid in die lees en interpretasie van regsbronne met spesifieke verwysing na gesag te toon;
- ☐ alle regsbronne relevant tot 'n spesifieke regsprobleem te kan integreer;
- ☐ voorbereidingsvaardighede toon wat noodsaaklik is om eksamens af te lê; en
- ☐ basiese administratiewe vaardighede wat benodig word om regs-geleerdheid suksesvol te bestudeer, te toon.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RVD144 Regsvaardighede

Die module RVD144 Regsvaardighede (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Om in die algemeen die studente in die vyfjaar LLB-kursus van 'n oorbruggingskursus tussen skool en universiteit te voorsien en te konsentreer op basiese vaardighede wat vir regstudie en regspraktyk vereis word.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die opstel van regsdokumente in die siviele reg;
- ☐ 'n skematiese begrip van die siviele- en strafverhoor; en
- ☐ noodsaaklike litigasie-vaardighede en tegnieke.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RVG424 Regsvergelyking

Die module RVG424 Regsvergelyking (16 krediete) word in die Departement Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die kursus het ten doel om die grondbeginsels van Regsvergelyking as metode tot die ontsluiting van regstelsels te bestudeer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ deur middel van regsvergelyking toegang tot buitelandse regstelsels te verkry.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

SAK324 Sakereg

Die module SAK324 Sakereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Sakereg en die praktiese implikasies daarvan, met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak, bekendgestel.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ inleiding tot Sakereg;
- ☐ eiendomsreg;
- ☐ besit en houskap; en
- ☐ beperkte saaklike regte en ander regte in eiendom.

Al bogenoemde geskied teen die agtergrond van grondwetlike waardes.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

SDR414 Skadevergoedingsreg

Die module SDR414 Skadevergoedingsreg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ skade en skadevergoeding te onderskei en te definieer;
- ☐ die inhoud, vasstelling en bepaling van skade en skadevergoeding te verstaan en toe te pas;
- ☐ tussen die aard en vasstelling van vermoënskade en nie- vermoënskade te onderskei;
- ☐ 'n duidelike begrip van toekomstige skade en *lucrum cessans* te hê; en
- ☐ 'n grondige kennis te hê van beperkingsreëls op skade en skadevergoeding (soos voordeeltokenning, mitigasieplig, aanspreeklikheidsbeperking (d.m.v. kousaliteit) en statutêre beperkings).

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ algemene inleiding met betrekking tot vermoënskade en nie-vermoënskade;
- ☐ die aard en omvang asook die berekening van skade en skadevergoeding;
- ☐ die abstrakte sommeskadeformule in kontras met die konkrete benadering;
- ☐ gerealiseerde en verwagte verliese en die “vir eens en vir altyd” (*once and for all*) benadering;
- ☐ kwantifisering van skadevergoeding; en
- ☐ reëls ter beperking van die omvang van aanspreeklikheid vir skadevergoeding.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

SFR114 Strafreë

Die module SFR114 Strafreë (16 krediete) word in die Departement Straf- en Geneeskundige Reg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekendgestel aan:

- ☐ wat die Strafreë behels en die plek daarvan in die totale regstelsel;
- ☐ die elemente van 'n misdaad; en
- ☐ die praktiese implikasies van die Grondwet op die Strafreë.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis insake die volgende te toon:

- ☐ die plek van die Strafreë;
- ☐ die naspoor en lees van 'n strafsak; en
- ☐ die elemente van die misdaad.
- ☐ die plek van Strafreë in die Suid-Afrikaanse Regstelsel;
- ☐ die abstrahering van die vernaamste inligting uit 'n gerapporteerde strafuitspraak;
- ☐ die ontleding van die besondere elemente van 'n misdaad; en
- ☐ die ontleding en beantwoording van 'n gegewe feitesituasie met verwysing na teoretiese kennis sowel as die toepaslike regspraak.

Assessering

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

SFR124 Strafreë

Die module SFR124 Strafreë (16 krediete) word in die Departement Stra- en Geneeskundige Reg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekendgestel aan:

- ☐ watter handelinge misdade uitmaak en welke elemente teenwoordig moet wees voordat dit 'n misdaad daarstel;
- ☐ die onderskeie misdade in die Suid-Afrikaanse reg; en
- ☐ die praktiese implikasies van die Grondwet op die Strafreë.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

